
SENDINGTYDSKRIF

APRIL 1967

Vol. 10 No. 2

SOUTH AFRICAN
REFERENCE
LIBRARY
INSTITUTE OF RACE RELATIONS



# DIE OES

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2. a. Rugama in Tswana en Sotho 30c per jaar
   b. Rugama in Zoeloe en Xhoza 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar
   Tumelo ea Bakreste.
   (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis 10c elk
5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Tswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sotho 10c elk
12. Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda 5c elk
13. Preekbundel in Zoeloe 30c elk
14. Preekbundel in Sotho 30c elk
15. Formuliere in Sotho en Tswana gratis
16. Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng. (Godsdiensonderrig op skole) R1.25.

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


Die gemeenskapbesef as 'n bydrae van die Bantoe-Christendom ...... 3
Sendingnuus uit ander kerke ...... 6
Groot saamtrek van Bantoe-Gereformeerde Kerke te Dube ...... 5
Die Islam ...... 8
Nuusflitse ...... 10
Na 100 jaar die Bybel in Nama ...... 12



# DIE OES

**APRIL 1967**

**JAARGANG 10 — NR. 2**

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma, en ds. P. J. J. S. Enslin

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olenlaan 11, Potchefstroom.

# DIE GEMEENSKAPSBESEF AS 'N BYDRAE VAN DIE BANTOE-CHRISTENDOM

**Algemene genade as bewarende faktor**

Calvyn het reeds aangeneem dat die mens na die sondeval nie absoluut boos geword het nie. Volgens hom word daar soms selfs prysenswaardige deugde by die heidene gevind en daar is ongelowiges wat nie net in voortreflike dade uitmunt nie maar wat hulle ook in hulle ganse lewe ononderbroke eervol gedra het. Te midde van die verdorwenheid van die natuur is daar volgens hom nog enige plek vir die genade van God, nie om die verdorwenheid te reinig nie, maar om dit in bedwang te hou. Dat die mens nog enige deug betrag, moet toegeskryf word aan die gawes van God en nie aan die wil van die mens om die goeie te soek nie. Die mens besoedel tog weer in sy eersug hierdie gawes van God en nooit is daar in sy lewe enige ywer om die heerlikheid van God te laat uitkom nie. Die deugde sal dan ook voor die hemelse gerig van geen waarde wees om daarmee die geregtigheid te verdien nie. Tot sover Calvyn.

Ook Kuyper stel op die voorgrond die diep sondige en verdorwenheid van die mens; in aansluiting by Calvyn neem hy aan dat God die sonde deur sy genade in bedwang hou. Hierdie tempering van die sonde is nie te danke aan 'n relatiewe resterende goedheid in die mens nie maar aan die algemene genade van God, wat èn ekstern èn intern die mag van die sonde beteuel. Sonder hierdie werking van die algemene genade van God sou die mens radikaal boos geword het, sou hy sy menswees verloor het.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls, wat baie nadruk op die algemene boosheid van die mens lê, erken aan die ander kant dat daar na die val van die mens nog enige lig van die natuur in hom oorgebly het, sodat hy nog oorgehou het klein oorblyfsels van die gawes wat hy van God ontvang het.

Die Skrif self gee 'n baie donker beeld van die verdorwenheid van die mens: „Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie" (Rom. 3 : 10 e.v.).

Die Skrif laat egter ook nog 'n ander klank oor die mens hoor. So lees ons in Rom. 2 dat daar by die heidene nog werke is wat ooreenkomstig die wet van God is; die werk van die wet staan in hulle hart geskrywe en hulle gewete gee saam getuienis en hulle gedagtes beskuldig of ook verontskuldig mekaar onderling (Rom. 2 : 14—15).

Vanweë die algemene openbaring van God kan die heidene nie heeltemal van die kennis van die wet verval nie. Hulle doen ondanks hulle goddeloosheid ook insidentele wetswerke; die mens kan nie alle verantwoordelikheidsbesef geheel en al uitwis nie. Hy kan nie ontkom aan die oor-

mag van die spreek van God deur die algemene openbaring nie.

Daarom is daar ook by die heidene enige wetsnorme. Hulle maak ook onderskeid tussen goed en kwaad en hulle prys soms as deugde aan wat ook ons op grond van die wet van God as sodanig sou beskou. Hulle veroordeel byvoorbeeld bedrog, diefstal, aanranding, oorspel ens.

**Bewaring van die mede-menslikheid**

Dr. Berkouwer toon in sy „De Mens, het Beeld Gods" (bl. 193 e.v.) aan dat dit in die algemene genade van God gaan om die bewaring van die menslike in die mens, om die bewaring van die mens-wees van die mens; hierin gaan dit volgens hom altyd weer om die verhouding tussen mense. Die bewarende faktor het veral betrekking op die mede-menslikheid. Juis daar gryp die bewaring van die mens-wees ons die meeste as bewaring aan, omdat vir ons besef die korrupsie van die mensheid die lewe in hierdie opsig allereers skyn te raak en aan te tas, soos byvoorbeeld toe Kain die moordenaar van sy broer geword het.

Dat dit so is volg ook daaruit dat die mens-wees in die Skrif nie individualisties gesien word nie. Die mens-wees moet in die eerste plek gesien word in die lewensverbande met die naaste. Daarom word die mens-wees bewaar in die baie verbande van mede-menslikheid waarin tot uiting kom barmhartigheid, trou, mededoë e.d.m. teenoor mekaar. Tot die wese van die mens, soos hy as beeld van God geskape is, behoort ook dat hy in die regte verhouding tot die medemens staan en in die herstel van die mens-wees is daar ook die nuwe herstelde gemeenskap met die naaste.

Die regte verhouding tot die naaste kan egter alleen dan daar wees as die mens in die regte verhouding van afhanklikheid en liefde tot God is. Die ware menslikheid kom eers in hierdie regte verhouding aan die lig, maar dan nie sonder die afhanklikheid van en betrokkenheid tot die naaste. Dit kom daarop neer dat die liefde tot God nie waarlik aanwesig kan wees nie as die liefde nie 'n werklikheid is in die verhouding tot die naaste nie.

Omdat God die mens-wees nog in medemenslikheid bewaar, word die mens nie demonies en die lewe op die aarde onmoontlik nie. Ten spyte van die verdorwenheid van die mens, ten spyte van sy selfsugtigheid, eersug, naywer, haat en vervreemding van die naaste is daar deur hierdie bewaring nog 'n lewe in gemeenskap met mekaar moontlik en word daar in die samelewing van mense soms nog mooi dinge gesien.

**Die Bantoe en die gemeenskap**

Daarom kan ons ook nie alles in die samelewing van die Bantoe veroordeel nie. In hulle gemeenskapslewe kom daar ook goeie dinge voor en daar is selfs elemente, wat as hulle gekersten is, kan dien as 'n bydrae vir die Christendom. Ons kan egter nie sover soos sommige gaan wat vanweë die sterk aksent wat die Bantoe op die mens as gemeenskapswese lê, van die standpunt uitgaan dat die Bantoemensbeskouing nader aan die van die Skrif kom as in die Westerse gemeenskap en mensbeskouing nie. Daar is ook baie op te merk op die Bantoe-mensbeskouing en gemeenskapslewe.

Daaroor handel ons in die volgende uitgawe. H. d. P.

# Groot saamtrek van Bantoe-Gereformeerde Kerke te Dube, Johannesburg

**24, 25 EN 26 MAART 1967**

Tydens die afgelope Paasnaweek is daar 'n uiters geslaagde saamtrek van die Bantoe-Gereformeerde Kerke te Dube gehou. Die samekoms is bygewoon deur sewe kerke en die opkoms het gewissel tussen 200 tot 400 per dag. Dit was die grootste saamtrek wat die kerke nog ooit aan die Rand gehou het.

Die byeenkoms was nie slegs geslaagd betreffende die getalle nie, maar ook vanweë die lesings wat gelewer is.

Goeie Vrydagoggend het ds. J. A. van Rooy, sendeling van Levubu, voorgegaan in die prediking van die Woord.

Vrydagmiddag het hy 'n lesing gehou oor „Die Heilige Gees en die voorvadergeeste". Dit was 'n weldeurdagte lesing wat die probleem blootgelê het van die verwarring wat daar bestaan by die Bantoe tussen die Heilige Gees en die voorvadergeeste. Dat dit 'n uiters aktuele lesing was het geblyk uit die vrae en besprekinge wat daarop gevolg het, waaruit ook geblyk het dat die jong kerke worstel met die invloede van die heidendom en baie keer selfs terugval in die swakke en armoedige eerste beginsels waarin hulle geleef het voordat hulle Christene geword het. 'n Ouderling uit een van die gemeentes het selfs die geloof in die voorvadergeeste probeer verdedig.

Dit is werklik 'n onrusbarende werklikheid om te besef dat die antitese tussen Christendom en heidendom nog weinig sigbaar is by die jong kerke. Dit behoort die sendende kerke bepaald tot nadenke te stem en tot nuwe benadering te bring. Die sendende kerke behoort in die toekoms meer in die diepte te werk. Dit gaan tog nie daarom hoeveel kerke gestig word nie, maar watter lidmate hulleself Christene en Gereformeerdes noem.

**Saterdag 25 Maart 1967**

Ds. G. L. Mokoena gaan voor met die bediening van die Woord. Daar is ook twee lesings gelewer deur ds. P. J. J. S. Enslin oor (a) Die sendingroeping van die kerk en (b) Ons offers aan die Here (bydraes). Dit is bepaald noodsaaklik dat die jong kerke hulle roeping leer verstaan om self ook sending in hulle eie midde te doen. Die sendingopdrag spreek nie alleen tot die blanke kerke nie, maar ook tot hulle. Uit die vrae en besprekinge kon duidelik afgelei word dat daar predikante en lidmate is wat beslis in die rigting dink.

Die lesing oor die kerklike bydraes het aan die lig gebring dat die kerke heel weinig van die Skrifbeginsel begryp ten opsigte van kerklike bydraes. Die Bantoe het in 'n groef verval om almal ewe min vir die kerk te wil gee. Ryk of arm, goed besoldig of swak, almal gee plus-minus R2 per jaar. Om na vermoë te gee ken hulle nie.

Wat verder opval is dat die meeste predikante in die Bantoekerk nie veel doen om die saak verander te kry nie. Predikante wat in die reël uiters swak saamwerk met die sendende kerke kan lang gesprekke voer as dit by bydraes kom. Ag, dan het hulle darem die blanke kerke tog so bitter nodig. Die blanke kerke moet hulle tog maar nie los nie.

Dit is daarom nie te verwonder dat die blanke sendende kerke jaarliks nagenoeg R30,000 gee vir onderhoud van Bantoepredikante teenoor die skamele R2,000 wat die Bantoes self bybring om hulle eie predikante te onderhou.

**Sondag 26 Maart 1967**

Op die dag was daar die grootste opkoms... oor die 400 Bantoes was byeen gewees. Di. M. S. Thamae en M. Mashinini het voorgegaan in die bediening van die Woord en ds. A. Ntela het 'n lesing oor die Vierde Gebod gelewer.

Uit die prediking van die Bantoepredikante het een saak ook duidelik na vore gekom, naamlik: hoe deegliker die opleiding van die Bantoepredikante is, hoe beter is die prediking en hoe meer kan daar ook verwag word van die gemeente-opbouwerk.

Wat ook i.v.m. die naweek belangrik was, is die feit dat geen groot etes die Bantoes na die byeenkoms aangelok het nie. Hulle moes self vir die etes betaal.

Geestelik versterk kon elkeen weer na hulle onderskeie gemeentes terugkeer. Die bande wat die Gereformeerdes saambind is ook weer versterk.

Die blankes teenwoordig het ook weer onder die diepe indruk gekom van die arbeid wat in die verlede gedoen is en wat in die hede gedoen word.

Een saak staan duidelik voorop: as jy in die sending 'n kort pad wil loop, dan loop jy sekerlik dieselfde pad as 'n *lang* pad oor. Ingestuur.

---

# SENDINGNUUS UIT ANDER KERKE

**Klein dingetjies**

1. 'n Handvol meel. In Sialkot, Pakisan, bestaan 'n klub van die vroue van professore en ander dosente. Elke lid van hierdie klub sonder elke keer as sy 'n maaltyd voorberei — vir elke maalyd word 'n vars brood gebak — 'n handvol meel af in 'n aparte bak. Sy doen dit met die gedagte dat sy geseën is bo verdienste, en dat daar andere is wat minder goed bedeeld is. Op gesette tye word die meel wat so versamel is na 'n vrouebyeenkoms gebring en verkoop. Die geld word dan gebruik om behoeftiges te help.

2. Die kleinste muntstukkie. Die idee het ontstaan by 'n bejaarde Indiese vrou en word nou toegepas in al die lande van Asië. Na die maandelikse bidstond bring elke vrou die kleinste geldstukkie van haar land — meestal van minder waarde as 'n sent, dus kan ook die armste meedoen. Na 'n jaar word die totaal na Genève ge-

stuur en aangewend in 'n bepaalde land waar 'n spesiale nood heers. Die hoofdoel is nie insameling van geld nie, maar bevordering van biddende gemeenskapsin.

3. Gebruikte posseëls. Met die ingang van hierdie jaar is die gesamentlike Hervormd-Gereformeerde posseëlaksie op tou gesit, om die fonds vir die aankoop van kinderbybels te steun. Hierdie fonds het reeds al 100,000 Indonesiese en 'n paar duisende Pakistaanse, Portugese en Spaanse kinderbybels bekostig, en aan die Rwandese vertaling word al gewerk. As elke Gereformeerde een gebruikte posseël per dag spaar, kan dit 80,000 guldens per jaar beloop, en as elke Hervormde meedoen, kan dit 200,000 (R40,000) per jaar word. (Oor die wenslikheid van kinderbybels lewer ons geen kommentaar nie. A.P.). — (*Zendingsblad*, Jan. 1967).

### Inlanders kry groter aandeel

Die kerk van Soemba het 'n vyfjaarplan ontwerp om die aandeel van die Soembase kerk in die evangelieverkondiging te kan verhoog. Die plan tree op 1 Jan. 1968 in werking. Die mikpunt is dat die inlanders 5% van die lewensonderhoud van die evangeliste sal bydra, wat teen 1972 moet styg tot 50%.

— (*Zendingsblad*, Feb. 1967).

### Tekort aan sendingpersoneel

Die N.G. Kerk ondervind 'n groot tekort aan personeel sowel in Suid-Afrika as in die buitelandse sendingvelde. Daar is ongeveer 230 vakatures vir sendelinge, dokters, verpleegsters, leerkragte ens. 'n Beroep is op jongmense gedoen om hul dienste aan te bied.

— (*Newsletter*, Jan.—Feb. 1967).

### Sendinghospitale

Dit sou 'n veilige skatting wees om te sê dat tussen 60 en 70% van die mediese dienste in die Bantoegebiede in die Republiek reeds deur sendinghospitale en sendinggeneeshere voorsien word. Die beleid van die Staat is om die kerk aan te moedig om beheer oor die sendinghospitale te behou en verder uit te brei. Die Staat maak dit vir die kerk maklik, deur met min uitsonderings 100% van die kapitale en lopende koste te dra.

— (*Sendingblad*, Maart 1967).

Hiervoor kan ons die Here nie dankbaar genoeg wees nie, nl. dat ons Staat besef dat die beste mediese dienste sonder meer, nie toereikend is nie. Die mediese dienste is daarby ook 'n kragtige bondgenoot van die evangelieverkondiging, nl. deur die duistere magte van die bygeloof en die toordokters te beveg.

### Vereniging van kerke

By die deurblaai van die International Review of Missions, Jan. 1967 kry 'n mens die indruk asof een van die allerbelangrikste pligte van elke kerk is om te strewe na vereniging met ander kerke. Uitwissing van grense word blykbaar gesien as 'n teken van vooruitgang en van Christelike ruimhartigheid. A.P.

# DIE ISLAM

## Die benadering van die Islam. Die Koninkryk van God

### Die Heilige Oorlog en die Teokrasie

Godsdiens is vir die Moslem nie net 'n saak van geloof nie maar ook van doen, van stryd en selfs van oorlog. Allah moet soewerein wees op alle gebiede en oor die hele wêreld; alle weerbare mans is verplig om tot eer van Allah te help om die „heidene" in die heilige oorlog te onderwerp.

Allah is die Here van die heelal en Hy moet deur alle volke as sodanig erken word. Alleen dan is daar wêreldvrede en harmonie tussen die rasse en volke en kan almal volmaak gelukkig wees. Alleen op hierdie manier sal die disharmonie tussen die goddelike en menslike beëindig word. Op hierdie manier sal die koninkryk van Allah uiteindelik in die hele wêreld seëvier.

In alles moet die wet van Allah gevolg word. Godsdiens kan nie van die politiek, ekonomiese en sosiale lewe geskei word nie. Die hele lewe moet staan in die diens van Allah. 'n Moslem-regering moet 'n teokrasie (godsregering) wees.

Deur die heilige oorlog, deur dwang en geweld aan die een kant en deur die vrywillige nakoming van die wet van Allah aan die ander kant moet Allah erken en geëer word as die soewereine god en moet die teokrasie oor die hele wêreld uitgebrei word.

Vandag is heilige krygsdiens alleen verpligtend in die geval van verdediging teen agressie en teenoor volke wat vroeëre Moslemgebiede in besit geneem het. Hiervan is die staat Israel 'n voorbeeld. In teorie kan alle Moslems oor die hele wêreld vir 'n oorlog teen hierdie staat gemobiliseer word, want hierdie land behoort volgens die Moslems aan hulle en nie aan die Jode nie.

### Die Teokrasie en die Wet

Die teokrasie is nie geleë in die wil en goeie regering van die owerhede nie maar dit gee uitdrukking aan die soewereiniteit van die wet wat op goddelike wyse geopenbaar is. Die maatskappy en die staat is onder Allah omdat dit onder die wet is. Daarom moet die wet gehandhaaf word. Die politieke beleid moet op die Islam gebaseer wees en die Moslemstaat moet die beginsels en ideale van die Koran en die profeet eerbiedig en dien.

Die staat moet sover moontlik probeer om die algehele oorgawe en trou van die Moslems aan Allah te verseker.

Tog word vandag byna algemeen aanvaar dat verpligting in hierdie verband nie altyd afgedwing moet word nie. Die mense moet oortuig en opgevoed word om die regte weg te volg. Goeie gelowige Moslems kan nie deur geweld gekweek word nie, maar die staat moet in sy regering en in sy wette die Moslem-wette volg en in sy skole en ander instellings en op alle gebiede die Islam-geloof bevorder.

Die wet word gefundeer in die openbaring van Allah. Dit kan nie gefundeer

word op die menslike regte en waardigheid nie, ook nie op die verpligtinge tot onderlinge hulp of op grond daarvan dat 'n sekere geloof, opvatting of praktyk nuttig is nie; ook nie op die baie argumente ten gunste of teen pragmatisme, liberalisme en die ander vorms van politieke of etiese teorieë nie. Die regte optrede word aangewys deur en is gefundeer alleen in die goddelike wet, die wet van Allah.

Dit spreek vanself dat die Moslemwette en gewoontes in baie opsigte reeds verouderd is en 'n suiwer Moslem-staat kan onder moderne omstandighede baie moeilik gehandhaaf word. Daarom word allerlei aanpassings in die Islamlande toegelaat.

### Die Islam en die moderne tyd

Dit word egter aangeneem dat aangesien Islam 'n godsdiens is vir die hele lewe, dit moeilik in nie-Islamlande 'n belowende toekoms kan hê. Daarom bly dit nog steeds die strewe om die hele wêreld onder die Islamgesag te kry. Daarom word daar nou so baie aandag aan Afrika gegee waar reeds meer as 90 miljoen Moslems is.

In die tweede plek kan opgemerk word dat die doel nog steeds is om die koninkryk van Allah oor die hele wêreld uit te brei, waar nodig selfs met geweld.

In die derde plek blyk uit bostaande dat die koninkryk van Allah gesien word in die Islamregering en in die nakoming van die wet op alle gebiede.

### Die Moslem-teokrasie en die koninkryk van God

Ons hoor dus hier klanke wat laat dink aan die Christelike opvatting: God moet soewerein wees op alle gebiede en sy koninkryk moet oor die hele wêreld uitgebrei word. Tog is alles so anders by die Christendom.

Desnieteenstaande is daar Christene en selfs Calviniste wat i.s. die vorm baie na aan die Moslem-beskouing oor die soewereiniteit van God kom. Dit is dus nodig om hierin goed te onderskei en te weet wat ons onder die soewereiniteit en die koninkryk van God verstaan.

In teenstelling met die Skriftuurlike opvatting kom die Islam-beskouing daarop neer dat 'n aardse koninkryk verwesenlik moet word, desnoods met geweld en dwingende wette en maatreëls. Mohammed was hierin die antitese van Jesus. Hy wou oorwin met die wapen in die hand. Dit is 'n koninkryk wat reeds nou, op hierdie aarde verwesenlik moet word. Dit is 'n koninkryk sonder die kruis van Christus. Mohammed se nee teen die kruis laat hom van die godsdiens 'n magsgrootheid maak. Die kerk word 'n staat, die sending word 'n heilige oorlog, die koninkryk moet 'n sigbare aardse heerlikheid wees, terwyl Christus gesê het die koninkryk is binne in julle; dit is 'n saad wat gesaai word, 'n suurdeeg wat in die deeg werk. Dit word geopenbaar deur die lewe van diens, selfverloëning, gehoorsaamheid en liefde van die gelowiges en deur die verkondiging van die Woord van God. Die gelowiges moet op alle gebiede hierdie koninkryk openbaar maar ook besef en leef in die verwagting dat die koninkryk in sy volle heerlikheid nog moet kom en dat dit eers sal gebeur na die oordeel en die herskepping.

Intussen is die kerk in die wêreld maar nie van die wêreld nie en kan dit nie vereenselwig word of saamval met die

volk nie. Die onderskeiding in gelowiges en ongelowiges vloei voort uit die radikale aard van die sonde en die oortuiging dat die geloof nie afgedwing kan word nie maar dat bekering moet plaasvind. Inherent in die Christendom is wel dat op alle lewensterreine aan God alleen die eer toegebring moet word, maar dit moet gebeur deur die lewe en verkondiging van die gelowiges, die kerk van die Here. Ons kan nie instellinge kersten sonder die kerstening van mense nie.

Dit gaan ook nie bloot net om die erkenning van die soewereiniteit van God nie maar om die „vrede" wat God self bewerk in die verhouding tot God en tussen die mense wat vir die vrede afhanklik is van God wat dit uit genade skenk.

Waar dit die strewe is om godsdiens of die kerk met die maatskappy of die volk of die staat saam te laat val, is daar altyd 'n verswakking van die godsdiens; dan word die kerk onder menslike verbande gestel. Die gelowige is in 'n stryd teen die sonde gewikkel, om die koninkryk van God te openbaar en is geroep om die kruis op te neem en om te getuig teen alle onreg; die geregtigheid van God self moet nagekom word.

Daar is dus radikale verskille met die Islam. Nietemin is baie Moslems beskamende voorbeelde vir die Christene wat godsdiens en die lewe van mekaar skei, wat die godsdiens binne die kerkmure of die binnekamer wil opsluit en die wêreld aan homself oorlaat. God moet soewerein wees op alle lewensterreine en vir die hele lewe. Hier is 'n punt van aansluiting by die Islam maar ook van teenstelling. Die Moslem wil nie die kruis van Christus opneem nie, wil nie homself verloën nie. Hy soek 'n aardse paradys en wil dit deur uitwendige middels verwesenlik. Daar is nie 'n ware sondebesef nie. Die Moslem wil Allah help om soewerein te wees en het dus 'n swak besef van die ware soewereiniteit asook van die diepte van die genade van God.

Hy moet leer dat God reeds soewerein is, dat sy koninkryk reeds gekom het, dat die ewige lewe reeds verwerf is. Die gelowige word alleen geroep om dit te verkondig en die werklikheid daarvan te weerspieël en te openbaar en teen die sonde en die duiwel die stryd in die Naam en deur die krag van die Here aan te knoop.

Die Moslem moet gestel word voor die kruis van Christus, voor sy lyde en dood en voor sy opstanding en heerlikheid. Buite verband met Christus is daar alleen die dood en die ondergang en die ewige oordeel.

H.d.P.

# Nuusflitse

★ Prof. H. Ridderbos van Nederland, wat ook die Nasionale Sinode op Potchefstroom bygewoon het, het die sendingterreine in Zoeloeland en die Teologiese Skool op Hammanskraal besoek. By die Skool het hy ook lesings gegee.

★ Die blanke gemeentes Parys en Sasolburg het in die verlede gesamentlik sending gedoen maar die kombinasie is nou ter wille van uitbreiding beëindig. Parys het 'n voltydse helper, Eliza Tsukulu, in diens geneem.

★ Die Deputate vir Sending- en Nasorglektuur wat deur die jongste Nasionale Sinode benoem is, het op Potchefstroom vergader. Prof. D. C. S. van der Merwe is gekies as voorsitter en prof. J. Breed as voorsitter van die Kommissie van Beheer en Dagbestuur.

★ Die Deputate vir Sending- en Nasorglektuur behartig vyf verskillende publikasies in Bantoetale. Ook twee sendingblaaie in Afrikaans. Die Deputate het die afgelope tyd verskeie pamflette uitgegee — sommige bedoel vir die verspreiding onder siekes in hospitale.

★ Redakteurs is herbenoem vir die volgende blaaie: Die Oes: prof. H. du Plessis; My Volk: mnr. J. H. Schutte; Rugama: ds. F. Denkema; Murumiwa: ds. J. A. van Rooy; Imbongi Yenkosi: ds. D. C. Coetsee. Die nie-blanke sinodes is gevra om mederedakteurs te benoem.

★ Op uitnodiging van die Sendinglektuurkommissie van die Ned. Geref. Kerk het prof. D. C. S. van der Merwe en mnr. H. B. van der Walt namens die deputate vir Sendinglektuur van die Geref. Kerk 'n vergadering op Bloemfontein bygewoon. Die moontlikheid is op die vergadering oorweeg om sekere vertaalde manuskripte gesamentlik in Bantoetale te publiseer.

★ Die kerkraad van Salisbury, Rhodesië, het finansiële hulp uit die Republiek ontvang om 'n sendeling te beroep. Die kerkraad doen sending op Karoi.

★ Die jongste Nasionale Sinode het toegestaan dat daar ook 'n Zoeloe-vertaler aangestel sal word. 'n Vertaler is reeds in Durban gevind en na verwagting sal hy eersdaags diens op Potchefstroom kan aanvaar. Mor. Joseph Khama is reeds drie jaar besig met vertaalwerk op Potchefstroom.

★ Die vertalingskommissie wat belas is met die vertaling van die Kategismus in Tsonga het die werk nou afgehandel. 'n Vertaling vir die kleiner kinders is ook voltooi.

★ Die klassis Huhudi (Vryburg) het onlangs vergader. Daar is goedkeurend kennis geneem van die stigting van 'n nuwe gemeente (sending) naby Swartruggens. 'n Nuwe gemeente is ook naby Delareyville gestig.

★ Op 'n vergadering van die interkerklike kommissie (van die drie Afrikaanse kerke) is gerapporteer dat gedeeltes van sommige bestaande vertalings van die Belydenisskrifte in Bantoetale hulle leen vir verkeerde opvattings. Daar sal verdere studie daarvan gemaak word.

★ Die Sinode van die Middellande (nieblanke) het op 11 en 12 April vergader. Ds. N. P. Bohloko het die Sinode van die Gereformeerde Kerk onder die Kleurlinge verlede jaar bygewoon en het op die Sinode van die Middellande verslag gedoen van hoe dit daar verloop het. Prof. J. P. Jooste het op die Sinode groete van die Teologiese Skool (Potchefstroom) oorgebring.

H. B. van der Walt.

# Na 100 jaar die Bybel in Nama

**deur ds. H. A. Louw**

Op 18 April vanjaar is die volledige Nama-Bybel vrygestel. Dit was die vrug van meer as 'n eeu se werk deur sendelinge van die Reinse Sendinggenootskap

Ons praat gewoonlik van die Namavolk, maar die gebied waar hulle woon, word genoem Namakwaland. Dit sou meer korrek gewees het om van Nama-land te praat, want die uitgang -kwa is bloot die manlike vorm van die meervoud wat „mense" aandui. Die Nama-stamme is Hottentotte wat in vergange eeue nomadiese



**Die Nama-bybel. Die 83-jarige eerw. F. Pörringhaus besig met proeflesing.**

veeherders was en net soos die Bantoe uit die Noorde afkomstig is en met die verloop van tyd altyd suidwaarts beweeg het. Die groot meerderheid van die Hottentotte het hulle taal en daarmee eintlik ook hul identiteit verloor en Afrikaans as moedertaal aanvaar en staan vandag bekend as Kleurlinge. Enkele stamme wat in Noordwes-Kaapland en die Suidelike dele van Suidwes-Afrika gewoon het, het hulle taal en identiteit behou. In hierdie droë, onherbergsame dele het die blanke beskawing baie stadig deurgedring en dus was hierdie stamme in hulle afsondering bewaar vir beïnvloeding van buite.

**Die eerste sendelinge:**

Die eerste sendelinge wat na Klein-Namakwaland (d.w.s. Suid van die Grootrivier) gegaan het was van die Londense Sendinggenootskap. In 1805 het daar 6 sendelinge uit Holland gekom, waaronder die merkwaardige broers Christiaan en Abraham Albrecht en Johannes Seidenfaden. Hulle sou onder die Nama's kom werk. Met ossewaens moes hulle hul weg baan deur die swaar sand, terwyl hulle trekdiere swak was en hul proviand ontoereikend. Dikwels het hulle in die sand vasgeval, baie keer dors gely in die onherbergsame woestynwêreld en daarby is hulle nog voortdurend deur vyandige Boesmans met gifpyle bedreig. Na 7 maande het hulle die Oranjerivier bereik. In 1807 begin hulle 'n sendingstasie by Warmbad in die Suide van die huidige Suidwes, destyds bekend as Groot-Namakwaland. In 1811 het die vrybuiter, Jonker Afrikaner, 'n baster-Hottentot, die stasie verwoes, terwyl die sendelinge weg was en moes die blankes hulle terugtrek na Pella, 'n ander sendingstasie net suid van die Oranjerivier.

In hierdie tyd het daar weer versterking gekom o.a. in die persoon van Johann Heinrich Schmelen, wat later wye invloed onder die Nama's gehad het. Hy was nes Van der Kemp met 'n Hottentot-vrou getroud. In 1816 het Schmelen, tydens 'n besoek aan die Kaap, vir Barnabas Shaw, 'n Wesleyaanse sendeling, oorreed om sy gewig in te gooi by die Nama-sending. Hy vestig hom by Leliefontein in die Kamiesberge. Mettertyd het meer sendelinge van die Wesleyaanse kerk hier kom arbei soos Edwards en Archbell. Intussen het Schmelen hom by Bethanie in die rigting van die latere Luderitz-hawe gevestig. In 1834 het Edward Cook onder die nomadiese Bondelswarts begin arbei, hom te Warmbad gevestig en die ou stasie herbou.

**Die Reinse Sendinggenootskap neem oor:**

Die Reinse Sendinggenootskap het in 1799 ontstaan uit 'n gebedskring van 12 gelowige manne wat elke maand byeengekom het. Van die begin af is Suid-Afrika gesien as 'n moontlike arbeidsveld. Die bekende dr. Philip bring in 1829 enkele sendelinge van dié genootskap na S.A. — onder hulle vind ons bekende name soos Leipoldt en Lückhoff. Aanvanklik arbei hulle onder die Kleurlinge in die Westelike Provinsie, onder andere in die omgewing van Stellenbosch.

In 1840 wend hulle hul blik Noordweswaarts na Klein-Namakwaland, alhoewel hulle oë ook van die begin af gevestig was op Groot-Namakwaland. Die Londense Sendinggenootskap het sy werk Suid van die Oranjerivier spoedig oorgemaak aan die Reinse Sending. Eindelik moes die Wesleyane ook die werk aan hulle afstaan. In 1842 neem een van hulle sendelinge, Hans Knudsen, 'n Noorweeg, die werk

wat Schmelen by Bethanie intussen laat vaar het, weer op. Die stam wat daarlangs gewoon het was bekend as die Orlams. Ongelowige blanke handelaars het mettertyd met brandewyn en vuurwapens onder hulle kom smous, wat die sendelinge se taak baie bemoeilik het. Hugo Hahn begin nou om die stam van hoofman Goliath te bearbei en oorreed hulle om hulle by Berseba te gaan vestig. Kleinschmidt, die skoonseun van Schmelen, het weer by Rehoboth, 60 myl Suid van die latere Windhoek, 'n stasie aangelê. Omtrent 30 myl Oos van Walvisbaai begin Scheppman in 1847 tussen die sandduine met sendingwerk. So kom oral in Groot-Namakwaland stasies van die Reinse Sending tot stand. Hierdie eerste sendelinge het hulleself geen opofferinge gespaar nie. Dikwels het hulle in lewensgevaar verkeer en sommige is selfs wreed om die lewe gebring. Sommige stasies moes herhaalde kere weer van die grond af opgebou word. Jarelank moes hulle sonder merkbare resultate arbei. Daar was gedurig oorloë tussen die Nama's en Herero's aan die gang en dus was hulle en hul gesinne altyd in lewensgevaar. Weens gebrek aan fondse moes hulle meestal 'n karige bestaan voer.

Dit was ook geen geringe taak om die taal meester te raak nie. Begrippe wat by ons alledaags is omdat ons daarmee groot word, het die heidene, aan wie die eerste sendelinge die Evangelie verkondig het, niks van verstaan nie. As daar met hulle gespreek is oor God, oor sonde en verlossing het hulle daar 'n heel ander waarde aan geheg as ons. Woorde is gebruik wat by hulle ten aansien van dergelyke begrippe in swang was. Maar sulke woorde is gebore uit die heidendom en hulle wek by die hoorder weer heidense voorstellinge. In elke woord kan daar 'n wêreld van misverstand lê. Eers met verloop van tyd namate die sendelinge meer oor God, oor sonde, verlossing en dankbaarheid gespreek het, het die woorde 'n ander begin kry by hulle hoorders. Daar bestaan geen taal wat sommer gereed lê vir die Evangelie nie. Ook die Nama-taal moes eers wedergebore word. En dit was 'n lang en moeisame proses. Toe die Reinse Sending oorgeneem het was daar darem al gemeenskappies van gelowiges en gedooptes waarbinne 'n bepaalde woordeskat burgerreg verkry het. Daarom kon hulle nou begin met die moeisame taak van Bybelvertaling.

**Die vertaling van die Bybel in Nama:**

Hugo Hahn is later by Berseba opgevolg deur J. G. Krönlein, 'n merkwaardige man wat net soos ons eie ds. J. A. van Rooy 'n merkwaardige aanleg vir tale gehad het. Hy het spoedig die Nama-taal magtig geword en begin om die Bybel daarin te vertaal. Bybelvertaling in die inboorlingtale is 'n moeilike werk. Dit kan eers begin word as daar onder 'n bepaalde taalgroep 'n gemeente gevorm is wat die Christelike begrippe verstaan en as die kinders van gelowige ouers opgegroei het, wat dus in die kerk grootgeword het. Hulle kan die Bybelvertaler baie help. Krönlein het dit as sy lewenstaak gesien om die Bybel in Nama oor te sit. Al het die sendingwerk onder die Namavolk die stadium bereik dat die tyd ryp was vir Bybelvertaling, was dit nogtans 'n besondere moeilike taak wat hy op hom geneem het. Nama verskil totaal van die Bantoetale, waarvan sommige toe al op skrif gestel was. Dit is verwant aan Boesman en het 'n sterk Hamitiese inslag soos die geslagsonderskeidinge van manlik, vroulik en onsydig toon. Met watter letters moes

die klik- en klapklanke weergegee word? 'n Ortografie moes dus vir die taal ontwerp word. Dit het hom tien jaar geneem om die Nuwe Testament en Psalms te vertaal. In 1870 het hy met die Ou Testament begin en eers tien jaar later was hy klaar. Die vertaalde Ou Testament is meer as 50 jaar deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Londen bewaar sonder dat dit in drukvorm verskyn het.

Intussen het Groot-Namakwaland met ander aangrensende gebiede onder Duitse beheer gekom en het ook 'n georganiseerde staat tot stand gekom waarin rus en vrede beter gewaarborg is. Die Hottentoten Herero-oorloë het nog aangehou, maar die sendelinge kon darem op beskerming reken. Gevolglik het die sendingwerk van die Reinse Genootskap onder die Nama's en ander inboorlingstamme geleidelik gevorder.

**'n Nuwe begin:**

Na die oorname van Suidwes deur die Unietroepe, het daar almeer rus en kalmte gekom. Almeer Afrikaners het hulle hier kom vestig en die Nama's het 'n vreedsame bestaan gevoer. Die Duitse sendelinge, wat na die Eerste Wêreldoorlog die land moes verlaat, kon mettertyd weer terugkom en hul werk hervat. Intussen het Krönlein se vertaling rustig in Londen gelê en is slegs van die Nuwe Testament en Psalms gebruik gemaak. Moontlik het die Genootskap hom ook nie veel daaroor bekommer nie, want, terwyl dit vroeër deur die Duitse Gereformeerdes en Lutherse gesamentlik ondersteun is, het dit nou almeer 'n Lutherse karakter aangeneem. Vir hulle is die Nuwe Testament meer as die Oue.

In 1938 begin eerw. Friederick Pönnighaus die Opleidingskool vir Nama leraars en evangeliste te Karibib. Nou begin hy die leemte voel aan die volle Bybel in Namataal. Al vertaling wat hy tot sy beskikking gehad het was die Nuwe Testament van Krönlein wat in 1866 verskyn het. Die vertaalde kopie van die Ou Testament is uit Londen laat kom en eerw. Pönnighaus het die groot werk begin om dit te hersien. Ten spyte daarvan dat hy in 1939 geïnterneer is, het hy die werk in die kamp voortgesit. (Mens wonder of so iets in 'n Duitse interneringskamp toegelaat sou gewees het!). Later is hy terug na Duitsland en het daar sy lewenswerk voortgesit. Op 83-jarige leeftyd het hy nog daaraan gewerk. Omdat sy gesig nie meer goed was nie, het hy letter vir letter met 'n vergrootglas nagegaan. Swak gesondheid verhinder hom om na Suid-Afrika te kom vir die oorhandigingsplegtigheid in Kaapstad.

Die Bybel is in Kaapstad gedruk en die drukkoste was besonder hoog. Daar moes spesiale lettermatryse vir sekere klikklanke gegiet word. Die werklike koste is R4.00 per eksemplaar maar die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel hom teen 75 sent per eksemplaar aan die Nama-volk beskikbaar.

Eerw. Diehl van Windhoek en 'n Namaleraar, Andries Izak, woon die oorhandiging in Kaapstad by. Op 29 en 30 April word 'n groot Bybelfees in die Berseba-reservaat gevier waar die eerste woorde van die nuwe Bybel meer as 'n eeu gelede vertaal is. Ons hoop en bede is dat van hierdie Bybel net so 'n groot en seënryke invloed sal uitgaan vir die Nama-volk as van die Statebybel op ons volk.




STAAL DEUG
VIR
ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die* ***deskundige!***





- **Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.**
- **Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.**
- **Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.**






**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.

Posbus 17,
Industria, Johannesburg
Tel. 27-4121
Telegramme: 'BAKGRIF'

SENDINGTYDSKRIF
JAARGANG 10 — NR. 3
JUNIE 1967

SOUTH AFRICAN
REFERENCE
LIBRARY
INSTITUTE OF RACE RELATIONS



# DIE OES

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2. a. Rugama in Tswana en Sotho 30c per jaar
   b. Rugama in Zoeloe en Xhoza 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar
   Tumelo ea Bakreste.
   (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis 10c elk
5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Tswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sotho 10c elk
12. Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda 5c elk
13. Preekbundel in Zoeloe 30c elk
14. Preekbundel in Sotho 30c elk
15. Formuliere in Sotho en Tswana gratis
16. Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng. (Godsdiensonderrig op skole) R1.25.

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


Gaan en doen jy net so ...... 3
Sendingnuus uit ander Kerke ...... 5
Die dolosgooier ...... 7
Sendingwerk onder die Boesmans 9
Nuusflitse ...... 11
Nuus uit Johannesburg ...... 12
'n Waardering ...... 13
Die derde Sinode van die Middellande van die Gereformeerde Kerk ...... 14


# DIE OES


JAARGANG 10 — NR. 3

JUNIE 1967

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma, en ds. P. J. J. S. Enslin

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom.

# Gaan en doen jy net so

deur ds. M. Rebel (van die Christ. Geref. Kerk)

As 'n mens 'n versoek kry om 'n artikel te skryf oor sy werk in die sendingveld, dan moet jy seker maar kies. 'n Sendeling kan ten minste nie anders nie, want die werk in die sendingveld is afwisselend en dit omvat baie aspekte en hou baie dinge in. Noudat ek so 'n versoek van die redaksie van hierdie blad ontvang het, kies ek ook maar net een ding uit baie. Kom ek vertel u nou van Erik Mukondeleli Livhebe.

Sy van kan ek nie vir u vertaal nie, en die eerste naam is natuurlik sy Engelse naam. Die ander naam (Mukondeleli) beteken: volhouer, hy wat aangaan en aanhou.

Ek skryf dit met 'n sekere gevoel van beskaamdheid, want toe hy die vorige jaar in Augustus die doopklas voltooi het en ek hom moes uitvra oor sy geloof en sy voorneme om hom te laat doop, het hy eintlik op my die indruk gemaak van 'n bietjie hooghartigheid en eiewysheid. Toe het dit eintlik vir my gelyk asof hy, wanneer hy eers gedoop is, nie juis baie getrou kerk toe sou kom nie. Maar ek is agterna beskaamd in daardie wantroue van my: dit het nou geblyk dat Erik wel terdeë 'n Mukondeleli is . . . !

**Nog maar 'n skoolseun!**

Erik bly op Mbilwi — 'n klein plekkie hierso naby Sibasa; maar dis tog 'n belangrike plek, want dis die hoofstat van kaptein Mphaphuli. Hy bly daar by ander mense in hul stat, want sy pa en ma is in Johannesburg. Maar hulle het hom hier gelos, sodat hy skool toe kan gaan op Sibasa. Hierdie jaar is hy in standerd VI — hy is dus nog jonk.

Maar desondanks kry hy nie skaam om, noudat hy gedoop is en lid van die Gereformeerde Kerk geword het, te getuig van sy Heiland nie: die ander seuns en dogters op sy skool moet darem almal, of hulle nou wil of nie, van Erik hoor dat Jesus gesterf het vir ons sondes en dat hulle op Sondae behoort kerk toe te kom. En na skoolure gaan hy dikwels rond in die statte op Mbilwi om ook die ouer mense te vertel uit die Bybel en vir hulle te sê dat hulle die bier en die midzimu (voorvadergeeste) moet laat staan. En op Sondae maak hy die klein kinders bymekaar in 'n soort Sondagskool. En as die mense maar net so effens belangstel in hierdie dinge dan gee hy vir hulle al gou die klein rooi boekie.

Dit is die „Marangaphanda a Lutendo" — dit wil sê: die eerste sake van die geloof. In daardie klein rooi boekie het ons in die vorm van vrae en antwoorde uiteengesit die sake waaroor die apostel Paulus gepraat het wanneer hy kontak gemaak het met die heidene. Dis wat ons nou al 'n hele paar jaar gebruik vir die voordoopse onderrig hier in Vendaland.

Hy werk blykbaar baie ywerig met daardie boekie, want minstens eenmaal 'n week kom vra hy by my vir nog 'n paar. En ons gee graag vir hom, want die boekie het al vir baie Vendas die oë oopgemaak.

Hy is ook baie moedig in hierdie spontane sendingwerk, want Sondae hou hy op sy manier kerkdienste; hy hou aan daarmee, al is daar die laaste tyd 'n klompie seuns wat probeer moeilikheid maak deur die orde in daardie byeenkomste te versteur. En selfs teenoor die grootmense ontbreek dit hom nie aan vrymoedigheid nie. So het hy onlangs, met die rooi boekie in sy hand vir 'n paar ouer vrouens wat by die Sioniste behoort, gewys dat hulle — soos hy dit self vir my gesê het — „heeltemal verkeerd bid"! In elk geval is dit so dat daardie vrouens nou ook by ons kerk wil aansluit.

Party kere is hy ook wel 'n bietjie al te vinnig: alhoewel hierdie mense nog maar sinds 'n paar maande met die Bybel kennis gemaak het, wil hy nou ook al vir hulle al die swaar vrae van die Heidelbergse kategismus gaan leer . . . ! Maar wat, dit maak nie saak nie.

**Teleurstelling.**

U sal verstaan dat dit darem vir hom iets van 'n teleurstelling was, toe ek nou onlangs vir hom moes sê dat hy die werk op Mbilwi vir 'n rukkie moet laat staan. Mbilwi is naamlik nie 'n pos van die Gereformeerde Sendingwerk nie: dis 'n plek waar 'n ander kerk se sendeling nou al vir vier jaar so nou en dan 'n diens hou; maar die mense wou nog nooit by hom na die doopklas kom nie. Ek moet dus eers die saak bespreek met daardie sendeling. Op hierdie oomblik kan ek nog nie sê of Mbilwi 'n nuwe pos vir die Gereformeerde Kerk gaan word en wel of die ander sendeling verder met hierdie mense sal aangaan nie. Dit maak ook nie saak nie, as die mense maar vir Jesus gewen word; ons is ten slotte altwee daar om sy Koninkryk te dien.

**Groei.**

In elk geval is daar nou op Mbilwi 'n hele klompie mense wat groot geword het by hulle bierpotte en by hulle midzimu, maar wat nou hulle harte begin oopmaak het vir die boodskap oor Jesus die Heiland. Dis nou weer so 'n voorbeeld van die geweldige groei wat die Gereformeerde Sendingwerk in Vendaland mag ondervind die laaste paar jare. 'n Geweldige groei waardeur die poste vinnig versprei is dwarsdeur Vendaland, terwyl dit tog nog nie baie lank gelede is nie dat die werk begin het op Siloam. U ken tog nog wel die naam Siloam, en u onthou tog nog wel van die enigste Geref. Hospitaal wat daar is . . . ? Ek vra maar net, want uit die klein bedrag wat die hospitaal jaarliks aan gifte ontvang sou 'n mens amper moet aflei dat die hospitaal nou nie juis baie bekendheid geniet in die kerkverband nie — altans nie baie steun ontvang nie, sodat daar nou 'n hele tekort ontstaan het.

**Net so . . . !**

'n Artikel in hierdie blad kan nie baie lank wees nie. Daarom wil ek nou afsluit. As u vandag nog 'n rustige oomblikkie het, vat dan u Bybel en lees Lukas 10 : 37. Daar kry ons 'n woord van die Here Jesus tot 'n sekere wetgeleerde — u weet mos: die wetgeleerdes het die wet en die hele Ou Testament net so goed geken as wat ons Gereformeerdes die Gereformeerde Dogmatiek ken. Ek hoor dan dalk nog van u of die woord van Jesus tot die wetgeleerde ook 'n woord van Hom tot u persoonlik was . . . ?

# Sendingnuus uit ander Kerke

**Pakistan:**

In Pakistan, veral Wes-Pakistan, neem die industrie, in allerlei vorm, vinnig toe. 'n Dam, so groot as die Assoean-dam in Egipte, is in aanbou. En in verband daarmee, 'n baie groot kragstasie. Duisende en nogmaals duisende werkers word van die platteland getrek na hierdie en ander ondernemings. Vir die Pakistani, geheel onbekend met die industriële lewe — vele het bv. met elektrisiteit nog nie kennis gemaak nie — is die oorgang van die rustige landelike lewe na die donkerte en haas van die fabriekslewe, veel vreemder as vir 'n Europeër.

Verwag word dat in die nabye toekoms omtrent die helfte van die Christen-Pakistani woonagtig sal wees in die twaalf groot stede van Wes-Pakistan, as arbeiders in fabrieke, groot en klein.

Die kerk se taak om die Evangelie te bring aan die arbeiders in hul nuwe omgewing, is uiters moeilik. Die metodes van bediening en die organisasie kan nie so vinnig beweeg as wat die omstandighede en die behoeftes verander nie.

Om aanknopingspunte in die nywerheidswêreld te kry en om teologiese studente tydig vertroud te maak met die nuwe toestande, word sulke studente telkens op ekskursies van twee dae na die groot projekte geneem.

**Die sending — My taak.**

Oswald Smith het gesê:

As ek weier om vanjaar iets vir die sending te gee, stem ek, prakties daarmee in dat alle sendelinge teruggeroep word.

As ek minder gee as verlede jaar, toon ek daarmee dat ek sou verkies om minder werkers op die sendingveld te hê.

As ek eweveel gee as verlede jaar, stem ek daarmee in dat behou word wat verkry is, maar vergeet ek dat die Here se bedoeling nie is dat die leër hom net moet ingrawe nie, maar dat sy opdrag is: Vooruit!

As my offer groter is as verlede jaar, dan gee ek dus my wens te kenne dat nuwe gebiede vir die Evangelie oopgemaak moet word.

**Kerkgebou gou te klein:**

Ongeveer November 1966 het ds. Van der Neut die eerste keer weer besoek gebring aan Kibuye, 'n dorp in Rwanda. Toe hy vier jaar voorheen daar gewees het, is 'n begin gemaak om kerkdienste daar te hou. Van 120 tot 160 mense het die dienste bygewoon, en dit was al 'n aangename verrassing, want hulle het minder verwag. Daar was egter geen kerkgebou nie, en die bywoning het gaandeweg afgeneem.

Sowel in Nederland as in Rwanda is gevrees dat die swaartepunt van die kerklike lewe sou verskuif van die hoofsaak af na skool- en jeug- en lektuurbedrywighede.

Intussen is, met fondse wat van vriende in Europa ontvang is, 'n kerkgebou te Kibuye opgerig. Met die oog op moontlike groei, het hulle „groot" ge-

bou. Groot was ds. Van der Neut se verbasing en dankbaarheid, toe hy by sy terugkeer sien dat die kerkgebou klaar „uitgegroei" was — die opkoms was omtrent 600.

**(Zendingsblad, Nov. '66).**

**Brasilië.**

Een van die dringendste vraagstukke vir die kerke in Brasilië is die teologiese opleiding. In Brasilië, net soos in Pakistan, stel die vinnige nywerheidsontwikkeling groot en moeilike eise aan die bearbeiding deur die kerk. Die nuwe vraagstukke lê op die gebied van arbeid en brood, huwelik en gesin, en staan ook in verband met volksinvloed en ware demokrasie. Oral begin die besef ontwaak, dat die Brasiliane reg het op 'n hoër lewenspeil.

Die kategetiese onderwys van die toonaangewende kerke is baie skraal, en hul bediening word nie vinnig genoeg aangepas by die nuwe eise nie.

Die Protestantse sendelinge van die vorige eeu het gesorg vir die oprigting van teologiese opleidingskole. Maar hierdie skole worstel omdat die studente se vooropleiding baie swak is. Veel moeite word gedoen, baie middele word aangewend, om die agterstand in te haal en die teologiese opleiding so op te knap dat die studente voldoende toegerus kan word. Dit is egter byna 'n onbegonne taak en dit verg buitengewone geloofsmoed.

**Kongo.**

Die Protestantse Christene word geskat op 2½ miljoen, d.w.s. omtrent 16% van die bevolking. Die oorgrote meerderheid is Rooms-Katoliek. Die gemeenskaplike Protestantse kerke het in 1935 hulself gaan noem „die Kerk van Christus in die Kongo". Maar daarnaas het alle kerke nog hul eie naam. Daar is helaas verdeeldheid onder hierdie kerke. Hierdie verdeeldheid kom nie uit eie boesem nie, maar is van elders „ingevoer".

Ses-en-veertig Protestantse kerke doen sendingwerk in die Kongo! Hulle is van verskillende nasionaliteite en daarby van uiteenlopende karakter wat betref belydenis en kerkinrigting.

Vroeër het hierdie verskille nie moeilikheid veroorsaak nie, want die bevolking het verspreid gewoon en die kerke het in afsonderlike gebiede gewerk. Maar toe kom die trek na die myngebiede en na die stede. Verskillende kerke kom toe naas mekaar te staan in dieselfde streek en selfs in dieselfde stad.

Daar word gepoog om saam te werk, veral deur middel van die Protestantse Raad van die Kongo. Daar is bv. een groot evangelisasieaksie vir die hele land, wat sowel evangelisasie as sending doen. Ook is daar 'n jong teologiese fakulteit, saamgestel van sewe kerke, w.o. Baptiste, Methodiste, Presbiteriane ens. Gehoop word dat veral hierdie fakulteit veel sal bydra om verdeeldheid te bekamp. (Sal dit moontlik wees, met behoud van beginsels? — A.P.).

**(Zendingsblad, Mrt. '67).**

**Rhodesië.**

In September verlede jaar is die 75-jarige jubileum van die N.G. Kerk se sending gevier op Morgenster, die plek waar ds. A. A. Louw die saak begin het en wat vandag nog die hoofstasie is. Die sendingkerk tel tans 30,000 lede.

Die fees, wat drie dae geduur het,

→

# *Die dolosgooier*

deur ds. M. R. van den Berg. (van die Vrygemaakte Geref. Kerk).

Een van die groot vrae wat 'n sendeling homself gedurig stel is: in hoeverre dring die Woord van God deur in die lewe van die lidmate? Word die ou heidendom gebreek deur die krag van die Evangelie, of bly die lidmate onder die skyn van kerkgang en bid en sing heimlik tog die ou praktyke uitoefen? Ek dink dis 'n algemene ervaring dat die laaste nog maar al te dikwels die geval is. En as 'n mens soms geneig is om sake wat rooskleurig te besien, dwing jou ervaring jou wel na die werklikheid terug.

So het ons onlangs die geval van Allison S. gekry. Hy behoort reeds 'n aantal jare tot ons lidmate. Hoewel hy nie een van die belowendste lidmate was nie, het ons tog ook nie spesifieke bedenkings teen hom gekry nie. Hy het soms 'n bietjie lui geword in sy kerkgang, maar as jy dan weer 'n slag met hom praat, presteer hy weer beter.

Totdat 'n helper een dag vir my sê: Het u geweet dat Allison S. 'n inyanga[1] is en die dolosse raadpleeg?

---

**Sendingnuus uit ander Kerke, vervolg van bl. 6.**

is bygewoon deur 'n baie groot skare, ook van blankes uit Suid-Afrika wat vroeër aan die sendingwerk in Rhodesië verbonde was.

Die grondtoon van al die verrigtinge was: „Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid" (Rom. 11 : 36).

**(Newsletter, Mrt. '67).** A.P.

Nee, ek het nie geweet nie. En dit blyk maar weer goed te wees dat 'n mens met helpers werk. Hulle kom meer agter as die witman. Toe die helper die bedenking ge-uit het, was ons naby Allison se kraal. Ons sal nou maar sommer so op hom toeval en hom aan die tand voel. Ek weet hy sal daar wees, want hy is siek.

Terwyl ek soontoe stap, dink ek. Daar is nou die ding! 'n Skoon skyn van Christendom wat bloot 'n fasade is waar agter die ou heidendom ongesteurd voortgaan. As dit nie vir die helper was nie, sou ek moontlik nooit verneem het dat hy 'n inyanga is nie.

Soos ek verwag het, tref ons hom in sy hut aan. Hy is nie baie opgewek nie, want hy voel nog steeds sleg. Nadat ons 'n rukkie gesels, sê hy:

Ek gaan 'n inyanga soek om my beter te maak.

Toe neem ek my kans waar. Hoewel ek die antwoord weet, vra ek:

Jy is mos self 'n inyanga?

Ek sien die verrassing op sy gesig en in sy oë. Hy voel oorrompel dat ek weet. Hy lag 'n bietjie en gee dan die verwagte antwoord:

Ja, ek is. Maar die Zoeloe-gewoonte laat dit nie toe dat 'n inyanga homself of sy eie kinders behandel nie.

Ek los hierdie punt nou en begin hom uitvra oor sy klandisie. Dan vra ek:

Hoe het jy 'n inyanga geword?

Hy verduidelik:

As 'n klein seun het ek baie drome gedroom. Die voorouers het dit vir my

geleer en my vader ook. In sy dae was my vader 'n groot inyanga. Die voorouergeeste het my hoofsaaklik geleer om met dolosse te werk, terwyl ek die kennis van medisyne hoofsaaklik van my vader geleer het.

Ek sien dat jy ook dolosse gooi. Hoe lyk hulle?

Dit lyk asof hy nou die gesprek begin geniet.

Sal u hulle wil sien? vra hy.

As ek saamstem, vat hy 'n kissie waaruit hy 'n linne sakkie kry. Hy strooi die inhoud uit op die grond. Daar is ongeveer 20 middelgroot skulpe in allerlei vorms, ook 'n paar gewrigsbeentjies (moontlik van hoenders), 'n gedroogde slangkop, 'n gedroogde hand van 'n bobbejaan en 'n swart plat klippie.

Hoe maak jy nou as jy die dolosse raadpleeg? vra ek.

Hy maak alles weer bymekaar in die sakkie, skud dit dan vinnig en gooi die inhoud daarna met krag op die grond. Amper alles bly dig bymekaar in 'n sirkel lê. Net een plat skulp en die swart klippie lê verder buite die sirkel vlak voor my voete. Die skulp lê met sy oop kant na onder.

Hoe lees jy hulle nou? vra ek verder.

Hy gaan sit op 'n houtblok, vat 'n stok in sy hand en kyk aandagtig na die konstellasie van die skulpe. Na 'n oomblik begin hy om met sy stok na verskillende skulpe te wys. Dan sê hy:

Ek kan niks voorspel nie. Die konstellasie is swart, geblokkeer.

Waaraan sien jy dit? vra ek weer.

Hy wys met sy stok na die swart klippie en die plat skulp voor my voete.

Die swart klippie buite die sirkel sê dat die toekoms swart is, dat daar teenspoed vir u sal kom. Maar ek kan nie sê watter teenspoed nie, want die oop kant van die skulp lê onderkant. Dit beteken dat daar nie opening is nie. Ek kan nou niks sien nie. As u wil weet wat sal gebeur, sal u eers 'n hoender of 'n bok moet slag. As u dit gedoen het, kan ek opnuut die dolosse gooi en vir u sê wat gaan gebeur.

Jy kan mos ook sonder dat 'n hoender geslag word die dolosse opnuut gooi?

Hy skud sy kop.

Nee, dit is sinloos. Eers moet daar 'n hoender of 'n bok geslag word vir die vorouergeeste. Dan gee hulle vir my die opening en kan ek aangaan.

Hy sit die skulpe en die ander voorwerpe terug in die sakkie en bêre dit.

As ek reg verstaan, is die hele besigheid van die dolosse baie nou aan die voorouergeeste verbind, som ek die gesprek op.

Ja, dit is reg, bevestig hy.

Maar het jy dan nie gehoor dat die Here dit verbied om met die voorouergeeste kontak te hê nie? Jy is mos 'n lidmaat van die kerk. En jy hoor mos gereeld die preke waarin dit gesê word?

Ja, ek het dit gehoor. Maar die mense kom self en dan help ek hulle.

Tog is dit nie reg nie, verduidelik ek. In die eerste plek doen jy self 'n ding wat die Here verbied. En tweedens bevestig jy die mense wat na jou toe kom in 'n geloof en 'n praktyk wat God nie duld nie.

Terwyl ek so praat, sien ek dat sy gesig verstrak. Hy vererg hom vir my. Hy sê nie 'n woord meer nie. Hy staan op en verlaat die hut. Ons wag nog 'n rukkie, maar hy kom nie terug nie.

→

# Sendingwerk onder die Boesmans

IN S.W.A. EN IN BOTSWANA.

deur ds. M. A. Kruger

Voordat die Afrikaners uit Angola in 1928 in S.W.A. aangekom het, het die enkele verspreide Gereformeerde lidmate meestal maar by die N.G. Kerk onderdak gevind. Sedert 1928 het die Gereformeerde Kerk egter sterk gevestig geraak in S.W.A. Daar is tans dertien gemeentes. Die beginjare was worsteljare. 'n Harde land moes met min middele getem word. Die mense was meestal arm en kon ook min middele vir die kerk bydra. Bediening was maar baie ontoereikend.

Tog blyk dit uit die notuleboek van die Gereformeerde Kerk Gobabis dat hierdie kerk verbasend gou aandag aan die sending begin gee het. Daar kon geen leraar vir die doel beroep word nie, maar op kerkraadsvergaderings is gespreek oor sending onder die Boesmans, want hulle het by die blanke lidmate gewerk en sommige het nog in die omgewing wild rondgeswerf. Ander is veral in die vroeër dae, van ver gaan haal en met hulle hele families gebring om op die plase te kom werk. Hierdie aksie van die Kerkraad was 'n uitvloeisel van die begeerte onder sommige van die Gereformeerde lidmate dat hierdie mense wat so by die blankes woon en so heeltemal heidens is die Evangelie moes hoor. So het daar 'n sendingkomitee tot stand gekom wat self sendingwerk gedoen het. Die lede daarvan het self van plaas tot plaas gegaan om die Woord te verkondig.

In 1962 het die Gereformeerde Kerk in S.W.A. 'n nuwe fase betree toe die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Gobabis besluit het om 'n eie sendingleraar te beroep. Hulle sou wel eers in kombinasie met die Gereformeerde Kerke Aranos en Ghanzi, lg. in Botswana, 'n leraar beroep wat dan verantwoordelik sou wees vir dié twee gemeentes van die blankes, maar wat dan eenderde van sy tyd sou afstaan vir sendingwerk onder die Boesmans. Die Roomse Kerk en die Evangeliese Lutherse Kerk het teen hierdie tyd reeds in die distrik Gobabis baie lank sendingwerk gedoen. Die N.G. Kerk het in Gobabis in samewerking met die Evangeliese Lutherse Kerk en die Finse Kerk die Ovambo's bearbei wat as trekarbeiders daarheen gekom het. Verder Oos, by Tsumkwe naby die grens van Botswana, het ds. F. H. Weich van die N.G. Kerk, 'n paar jaar tevore begin met sendingwerk onder die Boesmans. Die Evange-

---

**Die dolosgooier, vervolg van bl. 8.**
Eers toe hy die geluid van ons motor hoor en die kus veilig is vir hom, sien ek hom van agter die bossies opduik.

[1]) 'n Inyanga is 'n kruiedokter, wat vir sy pasiënte medisyne van plante, wortels, ens. gee. Soos uit die storie blyk, is hy egter nie bloot 'n kruiedokter nie, maar staan sy aktiwiteite in noue verband met die voorvadergeeste.

liese Lutherse Kerk het die Boesmans slegs terloops bearbei saam met die ander volke. Hulle kon weens gebrek aan arbeiders en weens gebrek aan fondse egter die werk nie volhou nie en daar is ooreengekom met Pastor Kirchoff van Gobabis dat die Gereformeerde Kerk hulle sendingwerk onder die Boesmans sou oorneem. Reeds gedoopte Boesmans wat dit verkies het, sou dan deur die Gereformeerde Kerk bearbei word.

In Februarie 1963 begin ek in die kombinasie van die Geref. Kerke Aranos, Ghanzi en Gobabis (in lg. met sendingopdrag) dan met die sendingwerk onder die Boesmans in Gobabis. Die Kerkraad het gesorg dat daar op die plaas Makannor, dertig myl Noord van Gobabis 'n woonstel gebou word van waar die werk gedoen kon word. Naby die plaas was daar nie alleen 'n sterk sametrekking van lidmate van die Gereformeerde Kerk Gobabis nie, maar daar was ook baie Boesmans.

Aanvanklik het ek die Nama-taal aangeleer om die Boesmans deur medium daarvan te bearbei. Nama is egter 'n Hottentot-taal en dit het spoedig geblyk dat die taalmedium een van die Boesmantale self moet wees as die sendingwerk vrugbaar moes wees. 'n Kleurling, mnr. P. K. O. Kisting, wat 'n goeie kenner was van die Nama-taal, het as helper in diens van die Kerkraad gekom. Saam het ons van plaas tot plaas gegaan en die Evangelie aan die Boesmans verkondig. Ook die Epukiro-reservaat waar nog wilde Boesmans is, is besoek. Wanneer ek na 'n week of paar weke van arbeid onder die Boesmans weer na Aranos, 175 myl verder Suid teruggekeer het, het die helper met behulp van preke wat ek voorsien het, en ook vrae, die sendingwerk voortgesit met godsdiensoefeninge en klasse waarin hulle dieper in die Skrif ingelei is.

Die werk het spoedig so uitgebrei dat daar by die vierhonderd volwassenes was wat onderrig is met die oog op aflegging van belydenis van geloof sodat hulle gedoop kon word. Sommige van hulle was egter reeds gedoop — as kinders al, maar die Evangeliese Lutherse Kerk kon die bearbeiding, veral deur en na die Tweede Wêreld-oorlog, nie volhou nie. So het hulle nooit belydende lidmate geword nie. Al die Boesmans wat van die Evangeliese Lutherse Kerk oorgekom het, het net een rede opgegee voordat hulle na die Gereformeerde Kerk oorgekom het, nl. dat hulle nou die Woord meer hoor. Baie het om dieselfde rede van die Roomse Kerk af oorgekom. Die meeste was egter heidene. Terwyl daar nou al oor die 800 Boesmans, groot en klein, onder bearbeiding was, het die Kerkraad die werk beperk sodat hulle nou eers beter bearbei kon word. Baie ander het laat vra dat ons moet kom, maar omdat die nodige werkkragte en fondse ontbreek het, moes daar maar eers gebly word by hierdie getal. Daar is nou reeds 27 belydende Boesman-lidmate van die Gereformeerde Kerk. **(word vervolg).**

---

**DONASIES**

Baie dankie,

Ons wil graag die volgende persone baie hartlik bedank vir hulle mooi blyk van waardering deur die volgende donasies in belang van **Die Oes**:

Br. J. Turkstra, R4.50,

Br. C. de W. Hoogendijk, R4.50.

Die Redaksie.

# NUUSFLITSE

★ Met die oog op finansiële selfstandigwording het die Part. Sinode van Kaapland en Suidwes-Afrika wat op Colesberg vergader het, besluit om die nie-blanke kerke te adviseer dat daar nie 'n vasgestelde bedrag deur lidmate betaal moet word nie maar dat elke lidmaat na vermoë moet bydra. Indien daar tekorte sou ontstaan moet meerdere vergaderings behulpsaam wees. Die Sinode het besluit om Bellville, Uitenhage en Venterstad finansieel te ondersteun met die oog op sendingwerk in die gebied.

★ In die verslag oor die sendingwerk in die omgewing van Pongola word melding gemaak van die groot moontlikhede vir sendinguitbreiding in dié omgewing. Die Kerkraad van Pongola sal samewerking met die omliggende gemeentes soek ten einde die gebied te bevorder.

★ Daar is besluit om 'n kerkgebou in die nuwe Bantoedorp by Thaba 'Nchu op te rig.

★ Op 'n vergadering van die Klassis Wes-Kaapland is ondermeer besluit om meer lektuur in Xhosa beskikbaar te stel.

★ Mnr. J. H. Schutte het tydelik met die sendingwerk onder die Bantoe by Potchefstroom gehelp en sal na die bevestiging van die sendingleraar hom weer toelê op sending onder die plaaslike Kleurlinge. Volgens verwagting sal die werk onder die Kleurlinge aansienlik uitbrei wanneer alle Kleurlinge van Wes-Transvaal naby Potchefstroom gevestig gaan word.

★ Dr. I. J. van der Walt het die beroep as sendingleraar van die vier blanke gemeentes van Potchefstroom aangeneem.

★ Ds. G. Mashiynyni van Pongola het 'n beroep na die gemeente Venterstad aangeneem.

★ Ds. A. Ntela van Dobsonville is beroep na Sannieshof.

★ Die Sinodale Sendingdeputate het op 'n vergadering reëlings getref vir die vertaling in Engels van stukke wat betrekking het op sendingwerk. Die Engelse vertaling kan gebruik word in kringe waar nie 'n Bantoetaal of Afrikaans bekend is nie.

★ Die vier Sinodes, nl. die Sinode Soutpansberg, Middellande, Kleurlinge en die Nasionale Sinode het 'n groep deputate benoem om in gemeenskaplike gevalle op te tree. Die deputate het ds. Moshapo afgevaardig om groete namens die Gereformeerde Kerk oor te bring aan die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk (nie-blanke) van Suid-Afrika. Prof. D. C. S. van der Merwe het as adviseur die vergadering bygewoon.

★ Onlangs het nog twee-en-vyftig Boesmans, wat voorheen aan geen kerk behoort het nie, hulle aangemeld by ds. P. J. W. S. van der Westhuysen. In die omgewing van Gobabis in Suidwes-Afrika, word reeds meer as vierhonderd Boesmans bearbei. 'n Aantal is reeds lid-

mate. Daar is begin met die oprigting van 'n skool vir die Boesmankinders op 'n plaas 30 myl van Gobabis af. Boesmanouers blyk gretig te wees dat hulle kinders onderwys moet ontvang en daar is ook bevind dat die Boesman intelligent is.

★ Die Nie-blanke klassis, Mangaung/Bloemfontein, O.V.S. het op sy vergadering besluit om die medewerking van die blanke klassis te vra, aangesien daar nog 'n groot tekort aan nie-blanke predikante in die klassis is. Die blanke predikante sal met die kerkvisitasie Phahameng en Rustfontein die jaar behulpsaam wees.

★ Die statistiekvorms vir die Almanak (1968) is uitgestuur vir voltooiing deur die Nie-blanke kerkrade. Die besonderhede waarvan 'n opgawe gemaak moet word strek tot 31 Mei en moet voor 30 Junie 1967 aan Posbus 20008, Pk. Noordbrug, Potchefstroom gestuur word.

H. B. van der Walt.

## NUUS UIT JOHANNESBURG

**Separatistiese Kerke**

Onder leiding van di. F. Denkema en P. J. J. S. Enslin is daar 'n begin gemaak met die bestudering van die Separatistiese Kerke wat in die Bantoegebiede naby Johannesburg voorkom. Daar is reeds 'n hele aantal adresse van leiers van die sektes bekom. Hierdie leiers word nou besoek en die gegewens oor die sektes word op skrif gestel.

Daar is met die saak begin nadat opnames aan die lig gebring het dat die separatistiese lidmate eintlik die sendingobjekte in die gebiede is.

Ter bevordering van die werk het Klassis Johannesburg 'n bydrae van R1,000 ontvang.

**Helper-opleiding**

Daar word tans 'n vaste leerplan aangebied aan die helpers in die Randse gebied. Die kursus duur twee jaar.

**Biblioteek**

Sendende kerke van Klassis Johannesburg en Klassis Krugersdorp het 'n begin gemaak met die oprigting van 'n biblioteek wat deur Bantoepredikante en Helpers gebruik kan word. Hierdie Biblioteek is ingerig in die Dube-kerkgebou, die vroeëre Teologiese Skool.

Skenkings vir die uitbreiding van die Biblioteek sal verwelkom word. Belangstellendes kan skakel met ds. F. Denkema, Posbus 59, Florida, Tel. 762-7755 of met ds. P. J. J. S. Enslin, Raathstraat 10, Horison, Roodepoort. Tel. 763-5168.

Hierdie saak is van onskatbare belang in die opbouwerk van die jong kerke. In die meeste gevalle is Teologiese werke so duur dat Bantoe-predikante en helpers dit moeilik bekom.

**'n Bantoe „Quo Vadis"?**

Daar is ook 'n begin gemaak om 'n blaadjie in die Bantoegebied van Johannesburg uit te gee met dieselfde strekking as die blad in Afrikaans: „Quo Vadis"? Die doel van die blad is ook veral om die dwaalleer van die Separatistiese Kerke daarmee te bekamp.

Ds. P. J. J. S. Enslin.

# 'n Waardering

deur prof. dr. J. H. Coetzee



Teen die einde van die vergadering van die Nasionale Sinode van 1967 het die kieskollege met groot eenstemmigheid besluit om dr. D. C. S. van der Merwe te beroep as vierde professor aan die Teologiese Skool te Hammanskraal.

Nadat dr. Van der Merwe vir ongeveer tien jaar as sendeling in Potchefstroom gewerk het, is hy geroep tot 'n ander besondere diens, nl. die opleiding van leraars vir die jong Gereformeerde kerke onder die Nie-blanke volke van Suid-Afrika wat tot stand gekom het uit die werk van die sending.

Dr. Van der Merwe het hom bekwaam as predikant van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Akademies was sy vorming breed en diep o.a. ook in die Christelike Wysbegeerte. Hy was predikant-teoloog, want ook in hierdie wetenskap het hy dit gebring tot die hoogste akademiese sport: die verwerwing van 'n meestersgraad en 'n Doktorsgraad en dit terwyl hy voltyds in sy roeping as bedienaar van die Woord onder die heidene gestaan het. Bowendien het hy hom as sendeling verder in sy roeping bekwaam deur die studie van die taal van die volke onder wie hy die Evangelie verkondig het.

Toe dr. Van der Merwe as sendeling beroep is, het hy geen besondere opleiding vir of ervaring van dié werk gehad nie. Met sy predikantsopleiding, sy leraarservaring en in geloof het hy die roeping aanvaar.

In Potchefstroom moes hy baanbrekerswerk kom doen. Tot op daardie stadium is die sending hier behartig deur die predikante van die plaaslike Gereformeerde Gemeentes, en hoewel 'n gemeente onder die Bantoes en Kleurlinge reeds geïnstitueer was, was alles aan die begin. Die sendingwerk het onmiddellik twee fasette gehad: verkondiging van die Woord aan heidene en hulp aan die jong Bantoegemeente.

Dié werk is oor 'n wye gebied gedoen, want Stilfontein en Klerksdorp het vir geruime tyd saam met die Potchefstroomse gemeentes gewerk. Die nuwe sendeling se organisasievermoë en ordelike werkswyse het hom hier goed te pas gekom. Dit was deurgaans sy standpunt dat terwyl die Woordverkondiging aan die heidene voorop staan, die sendeling hulp en advies aan die nuwe gemeentes moet gee, hoewel op so 'n wyse dat die selfstandigheid van dié kerke nie verloën of benadeel word nie.

Dr. Van der Merwe se koms na

Potchefstroom het saamgeval met 'n belangrike fase in die sending-geskiedenis van die Gereformeerde Kerk — die oorgang van „sinodale" sending na gemeentelike sending. Hy is spoedig benoem as een van die sinodale sendingdeputate en is daarna aangewys as skriba. Die ontplooiing van die sendingbeleid, vraagstukke oor die Teologiese opleiding van predikante vir die nuwe kerke, die institeuring van 'n kerkverband en nog veel meer het dit vir die sendingdeputate noodsaaklik gemaak om iemand te hê wat meer as afknyptydjies aan die saak kon gee. Ook hiervoor was daar niemand meer bevoegd en bekwaam as die sendeling van Potchefstroom-Noord nie. In hierdie kapasiteit het dr. Van der Merwe nie net uitmuntende werk verrig nie, maar ook reusewerk. Hy het die voorreg en taak gehad om aktief in die sentrum van die sendingbloei en -problematiek van die kerk te staan en nie net van 'n afstand te betrag nie.

Uit hoofde van al die voorgaande is dr. Van der Merwe uitmuntend geskik vir die nuwe roeping: persoonlike begaafdheid, akademiese vorming, predikantservaring (dus kennis van die Gereformeerde Kerk), sendelingervaring (kennis van die Bantoekerke). So het die Here vir hom 'n dienskneg voorberei vir sy werk en die opbou van sy koninkryk.

---

# *Derde sitting van Sinode Middellande*

Op 11 April 1967 het die derde Sinodesitting van Sinode Middellande te Atteridgeville begin. Die volgende moderamen is by die geleentheid verkies:

Voorsitter: Ds. S. R. Madia.
Ondervoorsitter: Ds. M. M. Mashinini.
Skriba: Ds. M. Thamae.
Adjunk-Skriba: Ds. Ph. Sibiya.

By die sinodesitting is 'n voorsittershamer, geskenk deur prof. S. J. van der Walt, in gebruik geneem.

Die volgende beskrywingspunte het op die Sinode gedien:

(a) „Die Klassis ITHEKU versoek die Sinode om 'n kas in te stel, nl. die kas wat die gemeentes wat nog finansieel swak is, te help."

Hierop het die Sinode besluit om deputate te benoem om die saak te bestudeer, om ook advies van die Sendingdeputate te vra, en dan op die volgende Sinode te rapporteer.

(b) „Samewerking tussen die sendelinge en die gestigte gemeentes: 'n Sendeling moet in kombinasie beroep word nl. deur die plaaslike blanke en nie-blanke kerk."

Daar word besluit om die beskrywingspunt soos volg te wysig: „. . . dat dit noodsaaklik is of wenslik is dat daar 'n **ooreenkoms** tussen die Blanke en nie-Blanke gemeentes sal wees". Aan hierdie gewysigde beskrywingspunt word gevolg gegee.

(c) „Vertaling van handboeke wat handel oor die werk van Ouderlinge en Diakens moet bespreek word sodat

hulle die gemeentes op 'n goeie fondament kan bou. Dit is nodig dat in hulle eie tale geskryf sal word."

Daar word besluit om aan die beskrywingpunt gevolg te gee en die saak na die Deputate vir Lektuur te verwys.

Op die Sinode is daar ook met dank kennis geneem van 'n aantal Psalms wat reeds in Zoeloe vertaal is. Daar word besluit om die Psalms te aanvaar en dit in die gemeentes te ondersoek en dan die volgende vergadering daarvoor te besluit. Daar is ook besluit om die Kategismusboekie wat in Zoeloe vertaal is, te aanvaar.

ds. P. J. J. S. Enslin.

---


# Boeke oor Sending

**verkrygbaar by:**

**„DIE KERKBLAD"**

| | |
|---|---|
| In dieselfde spore, deur prof. L. Floor | R0.90 |
| Kerk en Sending, deur ds. J. A. van Rooy | R0.50 |
| Het die Christendom gefaal, deur prof. H. du Plessis | R0.25 |
| Missionary Principles, by Roland Allen | R1.30 |
| Missionary Methods; St. Paul's or ours, by Roland Allen | R1.45 |
| The Spontaneous Expansion of the Church and the Causes which Hinder it by Roland Allen | R1.45 |
| The Responsible Church and the Foreign Mission by Peter Beyerhaus and Henry Lefever | R1.70 |
| The Bridge is Love by Hans de Boer | R3.95 |
| Christianity and African Education by R. Pierce Beaver | R2.25 |
| The Church between Temple and Mosque by J. H. Bavinck | R2.25 |
| Pioneers in Mission by R. Pierce Beaver | R5.90 |

**BESTEL BY DIE KERKBLAD, POSBUS 20008, NOORDBRUG**



Kantoor en fabriek van staal, steen en beton, Industria – ontwerp en opgerig deur B & G.



Kantoor en fabriek, Spartan, Kempton Park.



Garage, Klerksdorp



Fabrieksgebou, Steeledale.

vir betroubare werk
in staalkonstruksies...
raadpleeg:
# BAKKER & GRIFFIOEN



Gebouekompleks vir Hebel-Gasbeton, Roodepoort.

## BAKKER & GRIFFIOEN (EDMS.) BPK.

*Ontwerpers Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies*

**POSBUS 17, INDUSTRIA, TRANSVAAL**
**Tel. 27-4121, Johannesburg. Tel. ad: „BAKGRIF"**

BG 1472

5 OCT 1967

SENDINGTYDSKRIF
JAARGANG 10 — NR. 4
SEPTEMBER 1967

SOUTH AFRICAN
LIBRARY
OF RACE RELATIONS



# DIE OES

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2. a. Rugama in Tswana en Sotho 30c per jaar
   b. Rugama in Zoeloe en Xhoza 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar
   Tumelo ea Bakreste.
   (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis 10c elk
5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Tswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sotho 10c elk
12. Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda 5c elk
13. Preekbundel in Zoeloe 30c elk
14. Preekbundel in Sotho 30c elk
15. Formuliere in Sotho en Tswana gratis
16. Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng. (Godsdiensonderrig op skole) R1.25.

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


Die onbekende getuies van Christus ...... 3
'n Jaar se werk ...... 4
Sending onder die Indiërs in Benoni ...... 5
Grond vir die Here ...... 7
Sendingwerk onder die Boesman ...... 9
'n Nuwe begin in Port Elizabeth ...... 11
Nuusflitse ...... 12
Sendingwerk in Zoeloeland ...... 13
Groot toeloop ...... 15



# DIE OES

JAARGANG 10 — NR. 4

SEPTEMBER 1967

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma, en ds. P. J. J. S. Enslin

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom.

# *Die onbekende getuies van Christus*

In die wêreldgeskiedenis word altyd die name van generaals en bevelhebbers vermeld, wat in oorloë verantwoordelik was vir die behaalde oorwinninge sonder melding te maak van die dade van die talryke soldate, sonder wie se inspanning en opoffering nooit die oorwinning sou behaal gewees het nie. In sommige stede van Europa is daar standbeelde opgerig vir die onbekende soldaat om aan sy aandeel in die oorwinning te herinner. Maar wat op wêreldlike gebied geld, is ook op geestelike gebied van toepassing.

In die Kerkgeskiedenis word behandel die uitbreiding van die Christendom, maar weinig melding word gemaak van die werk van die gewone lidmate, wie se name onbekend is. Die uitbreiding in die na-apostoliese tyd was veral te danke aan die spontane getuienis van die gewone lidmate.

Nadat in Jerusalem spoedig 5000 mense die geloof in Christus aangeneem het, het daar 'n vervolging van die Christene plaasgevind. Stefanus was die eerste martelaar, wat deur die Jode gestenig is, en daarna het onder leiding van Saulus van Tarsus 'n hewige vervolging van die Christene uitgebreek, sodat baie versrooid is oor die streke van Judea en Samaria (Hand. 8 : 1) Die vervolgde Christene, handelaars, arbeiders, soldate, regsgeleerders, skippers of slawe, het oral sendingwerk verrig,, waardeur die evangelie verkondig is tot Samaria onder leiding van Filippus en selfs tot Antiogië, waar die dissipels van Jesus vir die eerste keer Christene genoem is en vanwaar Paulus en Barnabas hulle sendingsreise onderneem het.

Paulus kom op sy reise dikwels in aanraking met verstrooide Christene, wat hy dan tot 'n gemeente vergader. Daaronder was Christene uit die Jode, soos Apollos, 'n welsprekende man, magtig in die Skrifte, nl. die Ou-Testament, (Hand. 18 : 14), wat veel sendingwerk verrig het en in Efese 12 dissipels met die doop van Johannes die Doper gedoop het. Toe Paulus te Efese kom, is hulle deur hom in die naam van die Here Jesus gedoop, terwyl Apollos deur Aquila en Priscilla verder in die geloof in Christus onderwys is. Hierdie Aquila en Priscilla was bekeerde Jode, wat deur Keiser Claudius met ander Jode uit Rome verdryf is, wat tot die Christendom oorgegaan het. Paulus het in die gestigte gemeentes nie alleen ouderlinge en diakens aangestel nie, maar dat hy ook die gewone lidmate, die broeders en die susters, tot aksie opgewek het, blyk wel uit sy groete aan die einde van al die briewe.

Sonder die werk van die gewone lidmate kon die gemeente nie in stand gehou word nie, maar ook die sendingwerk is deur die gewone lidmate verrig; vandaar die groot uitbreiding van die Christelike kerk in streke wat nie deur die apostels bearbei is nie.

Oral, waar Christene met nie-christene in aanraking gekom het, op die paaie, in hul beroep, in herberge het die Christene in hulle woorde of handelwyse en beroep, deur hul sagmoedigheid en eerlikheid en sonder vrees vir die

dood, hulle gehoorsaamheid aan die gebooie van God getoon en vir die eer van Christus opgetree.

In die eerste eeue van ons jaartelling het die Christelike kerk 'n geweldig swaar stryd gevoer, sowel teen die wêreldmag as op geestelike gebied. Duisende martelaars het die lewe gelaat, baie van wie se name vir ons onbekend is. By argeologiese ondersoek het geblyk dat baie grafte gemerk is: N.O.S. waarvan die betekenis eers onbekend was, totdat 'n graf ontdek is met die woorde: QUAROM NOMINA DEUS SCIT" wat beteken: Wie se name God ken", dus dit was grafte van ter dood veroordeelde martelaars.

Vir ons, gewone lidmate, is die geskiedenis 'n inspirasie, om steeds sonder vrees uit te kom vir die Naam van die Here, en ook die sendingwerk ywerig te steun.

W. Hovy.

# 'n Jaar se werk

Uit die jaarverslag oor die sendingwerk van die Geref. Kerke in Durban, kom die volgende voor:

**DALMENY.**

Die klein groepie gelowiges te Dalmeny het 'n paar merkwaardige prestasies behaal. Daar is b.v. die hele jaar lank volgehou om R5-00 p.m. by te dra tot die onderhoud van die helper. Die lidmatetal het vanaf 30 na 39 gestyg (ondanks die feit dat 7 lidmate weer verlore geraak het,) terwyl daar gemiddeld 12 volwassenes in die belydenisklas is. Interessant is dat die meeste van die katkisante hulle kom aanmeld het na bearbeiding deur lidmate. Die bydraes het ook mooi gestyg met eenderde. Hopelik sal in die loop van die jaar 'n gemeente gestig word.

**KWA MASHU**

Die oudste gemeente lewer steeds die grootste probleme op. Die hele jaar lank is hier gewerk deur ds. Coetsee en 'n helper. Voordat daar weer 'n predikant beroep sal kan word, sal daar onder andere 'n pastorie opgerig moet word, aangesien die munisipaliteit nie weer die gewone huise aan die kerk wil verhuur nie. Daarvoor is die huise te skaars en kerkpersele is groot genoeg vir kerkgeboue sowel as pastorieë.

Hoewel die lidmatetal en die bydraes geringe stygings getoon het, is daar allerhande probleme in verband met samewerking tussen die sendende en sendingkerk.

**GETALLE EN SYFERS**

Eredienste word per Sondag deur ongeveer 106 volwassenes en 98 kinders bygewoon. Die totale aantal katkisasiekinders is tans ongeveer 168 en die belydende lidmate 211. Die totale bydraes is ongeveer R181-00 en die bydraes vir armsorg R129-00. Benewens die eie bydraes vir armsorg, het die diakonie van Durban ook nog R140-00 vir armsorg bygedra. Ook van die Christelike-Geref. Kerk uit Holland is 'n groot besending klere ontvang vir gebruik deur armes.

# Sending onder die Indiërs in Benoni

deur ds. G. L. Kruger.

Na 'n mate van aanvanklike bloei in die werk was daar die afgelope paar maande min verdere vordering.

Met die bykomende bekwame hulp van mnr. P. J. Scholtemeijer hoop ons om nou weer voor 'n nuwe stadium van bloei te staan te kom.

Mnr. Scholtemeijer het aan die einde van die eerste kwartaal 1967 afgetree as onderwyser na 'n vrugbare loopbaan, om hom nou voltyds aan die sending te wy. Vantevore al was hy baie belangstellend in sending en het ook aktief meegewerk. Hy is dan ook een van die sendingkommissielede van Benoni wat van die begin af met die sendingwerk onder die Indiërs te Benoni besig was.

Die ondervinding uit die verlede maak die nuwe krag vir hierdie sendingveld uit die staanspoor soveel profytliker, al is dit dan net vir drie dae per week aangesien hy die ander drie dae met sendingwerk onder die Kleurlinge besig sal wees.

Die geleentheid om van mnr. Scholtemeijer gebruik te maak in die sending onder die Indiërs, is moontlik gemaak deur mnr. en mev. P. Goede wat in hulle liefde vir die sending die honorarium van mnr. Scholtemeijer vir die eerste jaar geborg het. Hiersonder sou dit nie moontlik gewees het nie aangesien die gemeente van Benoni reeds finansieel swaar offer vir die sending, te wete 25% van die totale begroting of wel R8 per belydende lidmaat per jaar.

Dit is as gevolg van die feit dat Benoni die bestaande sendinggemeente tot 'n groot hoogte sustenteer en dan verder nog besig is met sendingwerk onder die Zoeloes in Daveyton ('n Bantoedorp met 'n inwonertal van ongeveer 60,000 Bantoes) en onder die Indiërs.

Benoni is deur die owerheid uitgekies as 'n konsentrasiepunt van al die Indiërs aan die Oos-rand. 'n Begin is reeds gemaak met die opruiming van die plakkeragtige ou lokasie en binne enkele jare sal hier 'n netjiese Indiërdorp verrys, soortgelyk aan Lenasia, wat huisvesting aan meer as 15,000 Indiërs sal bied.

Daarom getuig dit van 'n goeie insig dat Benoni betyds Junie 1967 met sending onder die Indiërs begin het. Maar dit bring ook groot finansiële verpligtinge mee en Benoni is dus verplig om steun te vra by belangstellende gemeentes wat wens om mee te werk. 'n Begin is reeds gemaak met onderhandelings met twee gemeentes in Pretoria waarvan die uitslag op hierdie stadium nog onseker is. Gelukkig dra die gemeente van Noordoos-rand reeds R120 per jaar en meer by.

Gesien in die lig daarvan dat Benoni reeds twee blanke leraars dra, waarvan die een twee-derde van sy tyd aan sending wy, en gesien die omvang van die werk in die blanke gemeente met sy by

die 600 belydende lidmate en die groot evangelisasieveld, sodat binne afsienbare tyd afstigting noodsaaklik sal word, sal die hulp van meewerkende gemeentes al hoe meer onontbeerlik word. Die moontlikheid van sustentasie deur die kerkverband is buite die kwessie aangesien sowel Part. Sinodaal as klassikaal daar nie meer vir hierdie doel geraam word nie daar die meeste gemeentes in hierdie ressort reeds groot sendingverpligtinge het.

Hoe groot die finansiële probleme vir die toekoms mag wees, tans is ons maar net diep dankbaar teenoor die Here vir die addisionele hulp in die persoon van mnr. Scholtemeijer.

Veral om twee redes sal die sendingwerk onder die Indiërs hierby baat. Ten eerste sal daar nou meer stelselmatig en intensief huisbesoek gedoen kan word en in die tweede plek sal daar nou meer tyd vir studie en besinning wees, sodat meer oordeelkundig en onderskeidend te werk gegaan sal kan word.

Dit is die taak van die sendingkommissie om veral nuwe adresse te soek. Hulle by wie die evangelie blyk ingang te vind, word meer intensief bearbei deur my en mnr. Scholtemeijer. Tans word ongeveer 50—60 huise besoek.

Omdat die tyd egter uitgekoop moet word, is dit noodsaaklik om besinnend te werk te gaan en hiervoor is studie nodig. Tot dusver was dit nog onmoontlik om diepgaande studie van die Indiër en sy godsdiens te maak maar nou sal dit seker moontlik word. Die bedoeling is nie om dispute uit te lok nie maar om die Evangelie, al is dit dan op eenvoudige wyse, so te bring dat dit tot die Indiër spreek en hom veral uit sy heidense denke lig.

Tot dusver is die probleem nie om hulle met groot belangstelling en gretigheid na die Evangelie te laat luister nie maar om hulle te laat besef dat die aanname van die Evangelie in die geloof moet wees en 'n breuk met die heidendom te weeg moet bring.

Ons word gewoonlik baie gasvry en vriendelik by die huise ontvang. So belangstellend en met skynbare instemming word daar na die Evangelie geluister en so los is die bande in die alledaagse lewe met die heidense godsdiens dat mens geneig is om soms ooroptimisties te word.

Terdeë kom mens onder die besef van die bande waarmee hulle nog gebind is met die geleentheid van hulle begrafnisse. Saam met die huwelik is dit dié gebeurtenis waarom hulle lewe gesentreerd is. Almal in die lokasie weet van elke begrafnis en die meeste is ook daar teenwoordig. Daar word mens getref deur 'n gemengde gees van nuuskierigheid en verdwaasdheid. Dit is asof hulle tegelyk (asof gehipnotiseerd) aangetrek en tog afgestoot word. Doelloos word daar rondgedwaal. Eers wanneer die priester die teken gee vir die begrafnisritueel, kom daar orde — 'n kunsmatige orde. Die roubeklaers sit die noot vir die roubeklag in en daar word getjank en gekreun.

Wanneer die priester oorgaan tot die rysoffer gepaard met 'n singerige voordrag onder begeleiding van sy eie handgebare, word die omstanders egter maar weer verslae, nuuskierige toeskouers.

Op pad na die graf het hulle egter weer soos een man saam met die pries-

ter gebuk — sewemaal — asof hulle goed afgerig is byna instinktief soos hoenders wat 'n valk in die lug gewaar. En tog, toe ek daarna na die betekenis daarvan verneem, het niemand geweet wat die betekenis van die sewemaal se buk was nie. Uiteindelik het een uit die priesterfamilie my meegedeel dat daar sewekeer gebuk word by die sewetrappe na die „hemel" Wanneer hulle by die graf aankom, moet die deur vir die dode oop wees.

Het die deur oopgegaan? Nie, as daar nie in Christus gesterf is nie! By die besef hiervan word mens benoud oor die nood waarin hierdie mense verkeer. Die finaliteit van die dood, soos dit by die begrafnis tot mens deurdring, laat mens opnuut besef tot watter droewige staat hulle ten prooi val en weggesleep word deur die bande waarmee hulle nog gebind is.

Elke ongelowige Indiër word dan deur jou gesien as een wat uit die kloue van die dood geruk moet word. Met ander woorde, as een aan wie die Christus van die Skrifte gebring moet word — Christus wat sy uitverkorenes reeds uit die mag van die duiwel verlos het.

Dit is vir ons alleen maar 'n saak van volhardende saad saai; Evangelie verkondig — tydig en ontydig!

# *Grond vir die Here*

**Nuus uit Natal**
(Oorgeneem uit die Sendingblad van die Geref. Kerke in Natal)

„Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan; die wêreld en die wat daarin woon" (Ps. 24 : 1)!

Dit is die soveelste vergadering om grond te vra vir 'n kerkie by Ndwedwe: Eers is gesê die kerk moet meer mense kry. Toe moes die kerk 'n lidmaat kry wat gewillig is om 'n stuk grond af te staan. Nou is daar om nege-uur vergadering, want Ntanzi sê ons kan 'n stuk van sy grond kry. Die kaptein sal daar wees en die indoena en die abenumzane. (kraalhoofde) van die kontrei.

Vroeg vergader die gelowiges. Daar word diens gehou en gebid. Daarna gaan dit singend na die vergaderplek.

Om elf-uur kom die kaptein en die mense.

Ntanzi stel sy saak: hy het besluit om 'n stuk van sy grond vir die diens van die Here te gee. Hy beduie van 'n stuk omtrent 50 x 50 treë waar 'n kerkie gebou kan word.

Vezi praat: „Ja Ntanzi, nou wil jy jou kinders se grond vir die kerk gee! Jou nageslag sal jou nog vervloek. Waar kry jy die reg om jou kinders se grond uit te deel?"

Mbhele praat: „Ja Ntanzi: Eers was jy een van ons. Jy was by ons feeste. Jy was saam met ons maer, jy het saam met ons jou geld aan drank bestee. Maar waar is jy nou? Onder die witman se vlerk! Geen wonder jy wil jou grond vir hom gee nie; kyk hoe vet en versadig lyk jy van-

dat jy kastig 'n Christen is. Die kos waarmee die witmense jou omgekoop het is darem lekker, nê?"

Msomi praat: „Ntanzi weet nie wat hy doen nie. Hy sê hy dien die uNkulunkulu. Maar dis die uNkulunkulu van die witman. Het julle vergeet, my vaders, dat hierdie witmense lank gelede by die Mzinyati die impis van Dingane verslaan het met die hulp van hierdie uNkulunkulu? Hierdie uNkulunkulu haat ons mense. Nou wil Ntanzi ons verder uitroei deur vir hierdie uNkulunkulu 'n huis onder ons te bou."

Die groot indoena, Maphumulo, staan op: „My koning, u mag nie aan die versoek van Ntanzi toegee nie. Die witmense is te slim vir ons. Lank gelede het die wit abafundisi (predikante) ook so gekom: hulle het 'n stukkie grond vir die kerk gevra. En toe vir die skool. En toe waar hulle kan tuin maak. En waar is ons grond vandag? Daar by Msunduze moet ons eie mense vandag betaal om in die Sendingreservaat te bly! Daar oorkant die Tongati kan u die suikerriet sien. Wie s'n is dit? Die witmense s'n! Nee, my koning, Ntanzi wil vandag die hek oopmaak vir die groot bul wat al ons bulle uit ons eie krale sal jaag!"

Die vergadering is warm. Hulle beaam liudkeels die woorde van die sprekers.

Dan staan 'n umfundisi van die Sioniste op: „Ek hoor my vaders se woorde. Maar nou wil ek vra: bring die kerk nie lig vir die mense nie? Wie het die hospitale en die skole vir ons mense gebou? En wie het ons eie kinders laat leer dat hulle dokters en prokureurs en predikante is? Ek sê die kerk bring lig! Ek steun Ntanzi."

Die groepie gelowiges kry bietjie lewe. Nyawo staan skamerig op: „My vaders, vandag is ek 'n gelowige. Ek sê u sal almal nog bly wees oor die kerk soos ek ook bly is oor die kerk!"

Ook die gryse ou Bulose (maar so pas gedoop) praat: „Vergadering! Julle skrik vir spoke wat nie daar is nie. Wat weet julle van hierdie kerk? Kom gaan daarin en dan sal julle die waarheid sien. Ek het nog nooit by die wit umfundisi haat gesien nie, of dat hy grond soek nie, of dat hy mense met geld koop nie."

En so gaan die stryd voort: twaalfuur, een-uur, twee-uur. Die kaptein staan op. Die spanning styg: wat sal hy sê? „Die kerk bring lig. Julle sê hierdie kerk is sleg en skelm. Maar waarom sê julle so? Wat is julle klagtes teen die umfundisi in die kerk?" „(Dankie Vader" dink jy.)

Die vergadering mor. Die kaptein kies kant, sê hulle.

Vezi kom met 'n laaste troefkaart: Al die abenumzane is nie daar nie. Hulle kan nie vandag besluit nie. Hoe kan hulle besluit met so baie mense afwesig? Laat ons anderdag weer vergader, koning. Laat ons almal bymekaar wees."

En so sal ons maar weer moet kom om grond te vra vir die Here.

Maar tog staan daar in die Bybel: „Die aarde behoort aan die Here. . ."

Net: dit is soms so moeilik om selfs **dit** te glo.

**DONASIES**

Baie dankie vir R1 van br. L. S. Runhaar van Johannesburg en R2 van br. W. Hovy.

Die Redaksie.

# Sendingwerk onder die Boesmans in S.W.A. en Botswana (2)

deur ds. M. A. Kruger.

Bŷ die eintlike sendingwerk m.b.t. die eerste uitdra van die Woord, die opvolgende besoeke, die opstel van vrae, preke, die onderrig van die helper ens. moes ook die administratiewe en organisatoriese werk i.v.m. die sending gedoen word. Baie gou het ek probeer om iets in die Boesmantaal vertaal te kry. Na ongeveer twee-en-'n-halwe jaar was die Onse Vader so vertaal dat daar met versigtigheid begin kon word om dit te gebruik. Die taal het 'n groot probleem geblyk te wees. Die tolke kon nie behoorlik tolk nie. Immers daar was in die Boesmantaal geen woord vir God of god nie. Watter woorde moes gebruik word vir Here en HERE? Baie versigtig moes aan die tolke leiding gegee word. Selfs vandag is die Godsname nog nie vasgelê nie en is daar allerhande wisselinge in gebruik waarvan sommige meer en ander minder aanleiding gee tot sinkretisme met die heidendom. Sommige is leenwoorde uit ander tale. O.a. is ook die woord vir hemel gebruik vir God. (Dit laat dink aan die Joodse gebruik). Later is ook die Apostoliese Geloofsbelydenis en enkele Psalmversies vertaal. 'n Begin is ook gemaak om die Tien Gebooie te vertaal. Al hierdie vertalings is egter voorlopige werk.

Veral die taal het soveel eise en tyd geverg dat dit baie gou duidelik was dat ek nie meer die werk alleen kon doen nie, veral daar ek maar net 'n derde van my tyd aan die sendingwerk gegee het. Intussen het die Gereformeerde Kerk Aranos in 1964 ook begin met sendingwerk onder die Boesmans in die ressort van die Gereformeerde Kerk Ghanzi, in Botswana. Die doel was om voor die onafhanklikheid van Botswana te kon begin. (Vandag, na onafhanklikheid vir Botswana is daar nog altyd 'n hartlike samewerking met die owerheid.) Terselfdertyd wou ons begin onder dieselfde volk waarmee Gobabis besig was. Hulle het op die westelike punt gewerk en Aranos het op die oostelike punt van dieselfde groep, die ‡+ Au—//ein, begin werk. op die plaas D'Kar. Dit is ook byna die bymekaarkompunt van twee ander groepe Boesmans. Ook hierdie sendingwerk het onder my geval. Die Tswanahelper, Andries Rampa, wat vanaf Potchefstroom gekom het, het hier kom woon en die werk met getrouheid en bekwaamheid gedoen in die afwesigheid van die sendeling. Omdat behalwe hierdie toevoeging tot my werk ook nog die ontbinde kerk Bitterwater by die gemeente van Aranos gevoeg is, het die

werk so 'n omvang aangeneem dat een predikant dit nie alleen kon doen sonder dat dit uiters oppervlakkig is nie. Die gebied waaroor die werk op verskeie terreine gedoen moes word, strek oor byna 600 myl van punt tot punt — van die S.W. deel van die Kalaharie tot by Nagami-meer verby. Net die bestudering van die taal van die Boesmans alleen het al tenminste een man voltyds vereis.

So is daar na drie jaar besluit dat Gobabis alleen 'n sendeling sal beroep wat onder die Boesmans in die distrik Gobabis moes werk. Ds. P. J. W. S. van der Westhuizen doen die werk sedert Februarie 1967. Intussen het die helper, mnr. Kitsing, uitgetree weens gesondheidsredes en omdat hy al bejaard is. Sy werk was vir die Gereformeerde Kerk van onskatbare waarde. Gedurende die oorgangtyd, na die losmaking van my te Gobabis en voor die bevestiging van ds. Van der Westhuizen, het br. Pieter Biewenga, seun van ds. Biewenga wat vroeër in Angola was, die werk in Gobabis met toewyding en volharding voortgesit.

Die sendinggebied wat die Gereformeerde Kerk Aranos in Botswana het, is gekies in oorleg met die owerheid van hierdie land. Ook hier word gewerk onder Boesmans wat op die plase van Blankes bly. Hulle trek hier saam omdat hulle by die boere maklik kos bekom, deur diefstal of deur werk. So skep hulle 'n groot probleem. As een werk, kom hy met sy hele familie, in wyer sin van die woord, daar woon. Baie ander kom sommer net saam. Veral wanneer dit droog is en díe veldkos skaars is, veroorsaak hulle groot probleme.

Sowel Aranos as Gobabis het reëlings getref dat daar skole tot stand kom vir die Boesmans. Die skool van Aranos in Botswana op die plaas D'Kar, distrik Ghanzi, bestaan al vir twee jaar en het 30 kinders. 'n Paar is nie suiwer Boesmans nie. Hulle kan al die Bybel lees en kan somme doen en het merkwaardig baie geleer in die twee jaar. Hulle word deur medium van Tswana en Engels onderrig, want dit is die amptelike tale in Botswana. Gelukkig verstaan hulle al-Tswana baie goed. Hierdie Boesmans het eers onder 'n boom skoolgegaan, later het hulle vir hulle 'n gras-en-pale pondok gebou wat 'n misvloer het, en nou het Aranos van die Klassis 'n bedrag geld gekry om vir hulle 'n sinkgebou op te rig. Gobabis se skool sal eersdaags begin.

Die Gereformeerde Kerk Gobabis bestee tussen R4500 en R6000 per jaar aan sending en alles kom uit die gemeente self. Aranos bestee in die omtrek van R1500 tot R2000 per jaar wat ook alles uit die gemeente kom. Brs. C. de Jager en D. Opperman van Gobabis het ruim skenkings gedoen vir die sending in Gobabis. Br. H. W. Lück het vir die sending van Aranos 'n plaas gegee wat 3700 morg groot is. Br. M. J. Taljaard van Aranos, vroeër van Ghanzi, het 18 beeste en 100 bokke gegee. Omdat die Kerk van Aranos maar klein is, slegs ongeveer 90 belydende lidmate, het hulle hierdie geskenke hoog waardeer, want die plaas maak dit nou moontlik dat die sendingwerk gedoen kan word sonder om te 'n groot las op die gemeente te wees. Die Geref. Kerk Windhoek sal waarskynlik binnekort ook hulle kragte by die sending ingooi.

(word vervolg).

# 'n Nuwe Begin in Port Elizabeth

deur ds. P. J. de Wet.

Om die Skrifte as die Evangelie van onse Here Jesus Christus deur te gee aan die heidene is nie alleen 'n opdrag aan die gemeente van die Here nie maar ook 'n voorreg vir die gemeente. Wanneer dit dan gepaard gaan met velerlei wat ontmoedig, moet ons bid om genade dat ons dit nogtans sien as 'n voorreg. In hierdie voorreg en opdrag mag die Gereformeerde kerk Port Elizabeth ook deel.

**Aanleiding:** Die aanleiding tot die werk was 'n versoek om hulp by die Gereformeerde kerk Oos-Londen deur die sgn. Independent Presbyterian Church onder die Khosa-volksgroep. Hierdie groep het bestaan uit verskillende gemeentes wat strek van Oos-Londen tot Port Elizabeth. Die aangeleentheid is onder die aandag van Port Elizabeth en Uitenhage gebring wat elkeen besluit het om die versoek te bewillig. Weliswaar met 'n groot mate van huiwering is met die werk begin. Die Sendingkommissies van die kerke het saam vergader en besluit om die kerkrade te adviseer om die terrein te verdeel. Dit is gedoen en aan Port Elizabeth is toegewys die „gemeentes" te Grahamstad, Kinkelbos (distrik Alexandrië), Aloes (10 myl buite P.E.) en New Brighton in P. E.

'n Deur vir die sendingwerk het dus oopgegaan in hierdie omgewing en vir die eerste keer in sy bestaan doen hierdie gemeente sending. Met dankbaarheid kan verklaar word dat die lidmate oor die algemeen ywerig is in hul ondersteuning en die susters het weer heelwat bygedra met rommelverkopings en môremarkte. 'n Skenking is ook van die Gereformeerde kerk Colesberg ontvang wat baie waardeer word.

Die sendingkommissie ontmoet gereeld een keer per maand die „kerkraad" te New Brighton (natuurlik is hier nog geen geïnstitueerde Gereformeerde kerk nie). Pogings wat aangewend is dat die plaaslike predikant die Woord op die verskillende plekke kan bedien, het nog nie vrugte afgewerp nie, hoofsaaklik omdat 'n tolk en/of 'n helper nog nie gevind kon word nie en 'n lokaal nie beskikbaar was nie. Derhalwe is werklike ontwikkeling van die sendingwerk nog weinig.

**Muur:** Die deur wat oopgegaan het is tegelyk 'n muur wat die ontwikkeling in een opsig bemoeilik. Vir die verdeling wat gemaak is het die Bantoes weinig begrip en belangstelling. Hulle is 'n groep wat sterk gebonde is aan hul enigste „predikant" wat nog nie tot die bediening in die Gereformeerde kerke onder die Bantoe toegelaat is nie. Hierdie persoonsgebondenheid is 'n groot struikelblok en sal seker eers dan uit die weg geruim kan word wanneer daar finaliteit bereik is oor sy posisie. Hopelik sal dit nie meer lank duur nie, en tot dan haas ons ons langsaam voort.

Ondertussen is deur bemiddeling van oudl. J. J. Prinsloo 'n lokaal buite die Bantoe-woongebied van Port Elizabeth verkry vir die samekomste. Die werk-

saamhede van prediking en katkisasie sal daarin voortgesit kan word. Die vooruitsig om tenminste 'n tolk te bekom binne afsienbare tyd is belowend. Dan sal ons ook aan die ander „gemeentes" meerdere aandag kan skenk.

Oor die lesse wat geleer is in die afgelope tyd kan ons dit hier nie hê nie, behalwe miskien vir dié een: gemaan moet word tot versigtigheid wanneer so 'n groep as „kerk" wil oorkom na 'n Gereformeerde kerk.

# NUUSFLITSE

★ Daar is behalwe die 4-jarige Teologiese kursus aan die Teologiese Skool van Hammanskraal 'n 3-jarige voorbereidende kursus ingestel. Studente wat 'n matrikulasie met universiteitsvrystelling behaal het, volg nou 'n kursus vir die B.A. graad.

★ Die aantal studente aan die Teologiese Skool op Hammanskraal is 11 waarvan twee hulle studies aan die einde van die jaar voltooi.

★ 'n Nuwe kerkgebou is onlangs op Ottosdal in gebruik geneem. Die nieblanke gemeente het 25% bygedra tot die boufonds. Die sendende kerk is gemeente Uitschot.

★ Mev. S. M. Beeslaar van Potgietersrus het R1,000.00 geskenk vir die sending onder die Boesmans naby Gobabis.

★ Die Sendingkalender vir 1968 is voltooi en kerkrade sal uitgenooi word om bestellings te plaas. Daar word jaarliks oor 5,000 gedruk.

★ Ds. E. T. Netshitangani is werksaam in Moroka en Chawelo — 'n gebied wat grootliks deur Vendas bewoon word. Ds. Netshitangani is afkomstig uit Vendaland.

★ In Augustus is die nuwe gemeente (nie-blanke) Ghetleng naby Swartruggens van Waterkloof-Zeerust gemeente afgestig.

★ 'n Vertaling van die Kategismus vir kleiner kinders het so pas in Tsonga verskyn.
Die „klein" Kategismus is nou in vyf Bantoetale vertaal.
Die Kategismus geniet wye belangstelling in die nie-blanke kerke en daar moes reeds 'n paar van die publikasies herdruk word.
Daar word nou aandag gegee aan die vertaling van die „klein" Kategismus in Sepedi en die Xhosa-taal.

★ Ds. E. T. Chaka van Sharpeville is beroep na Sannieshof nadat ds. A. Ntela van Dobsonville vir die beroep bedank het.
Ds. G. F. Mashiyane is in die Bantoegemeente op Venterstad bevestig.
Die Bantoe-lidmate was voorheen saam met die kleurlinge in een gemeente maar is op versoek by die Sinodes vir Kleurlinge en Bantoe, verdeel in twee selfstandige gemeentes.

★ Die gemeente Haladu het onlangs hulle nuwe kerkgebou in gebruik geneem op Masisini in Natal.
Die grond vir die kerk is reeds twee jaar gelede aangevra en is onlangs toegestaan.
Ds. W. L. Kurpershoek het die feesrede gehou met die ingebruikneming van die kerk.

Dit is die vierde kerkgebou van die Gereformeerde kerk in Natal.

★ Dr. I. J. van der Walt, voorheen van Vanderbijlpark is onlangs in Ikageng (Potchefstroom) ontvang as sendingleraar.

By dieselfde geleentheid het die gemeente afskeid geneem van prof. D. C. S. van der Merwe wat die gemeente die afgelope tien jaar bedien het.

Prof. J. H. Coetzee en ds. E. T. Chaka het by die geleentheid opgetree namens die blanke en nie-blanke kerkverband.

★ Die statistiek vir die 1968 Almanak is nou saamgestel.

Volgens die gegewens het dit geblyk dat die aantal belydende en dooplidmate reeds 'n kwart van die aantal lidmate van die blanke gemeentes is.

Die uitbreiding van die sending was die afgelope jaar bestendig hoewel 'n tekort aan predikante ondervind word.

★ 'n Kerk- en skoolgebou is in Julie-maand op D'Kar naby Ghanzi vir die bearbeiding en onderrig van Boesmans in gebruik geneem.

By die geleentheid is 25 volwassenes en kinders gedoop.

Met 'n paar uitsonderings was al die dopelinge Boesmans.

Prof. D. C. S. van der Merwe het die verrigtinge in Tswana gelei.

Die sendingaksie naby Ghanzi gaan uit van die kerkraad van Aranos, S. W. A.

H. B. van der Walt.

# Sendingwerk in Zoeloeland

deur ds. W. L. Kurpershoek (van die Vrygemaakte Geref. Kerke).

Nqutu is Bantoe-reservaat no. 18. Hierdie woorde skets net 'n oppervlakkige beeld van die werklike situasie van hierdie sendingterrein. As ons 'n ander naam hierby noem is dit vir elkeen duidelik watter belangrike gebied hierdie een is. Dit is die naam Bloedrivier. Die Bloedrivier vorm die oostelike grens van die Nqutu-distrik, en as mens op die eerste berg, Haladu, gaan staan, val jou oog sommer op die plek waar die slag by die rivier plaasgevind het. Elke jaar op 16 Desember kan jy die geweldige skare sien wat op Geloftedag hulle trou aan Suid-Afrika kom betuig.

In hierdie historiese gebied word vanaf Augustus 1964 Sendingwerk gedoen deur die Gereformeerde Sending onder leiding van die Kerk van Vryheid. Dit was omdat die kragte min en die moontlikheid baie was, dat die Gereformeerde Kerk Vryheid die aansoek van my tuiskerk om Sendingwerk in die Nqutu-distrik te doen, toegestaan het. Toe hulle in 1958 die distrik oorgeneem het van die Nederduits Gereformeerde Sending was daar alreeds 'n gemeentetjie op die Haladuberg waar die werk net deur 'n helper gedoen is.

Groot moontlikhede is daar vir Christus se Kerk in hierdie Bantoegebied. Nie minder nie as 70,000 Bantoes van die Zoeloe- en Sotho-nasies bly in Nqutu en van hulle is meer as 70%

heidene, wat nog heeltemal vashou aan die ou tradisies en veral aan die ou-ou geloof dat 'n gestorwe mens se gees weer teruggebring kan word om vir sy kinders en kleinkinders te sorg en om hulle te beskerm as hulle hom dien en kos gee en om vir hulle te pla as hulle hom vergeet.

Dit is mos Christus self wat vir Sy Kerk die opdrag gegee het: „Gaan heen, maak dissipels van al die nasies". Van al die nasies. Ook die Bantoe-nasies moet die geleentheid gebied word om hulle af te keer van hulle eie afgode en om hulle te bekeer tot die enigste ware God, die Vader van onse Heiland. Hierdie opdrag moèt uitgevoer word, sodat die jongste dag kan kom waarop Christus al die koring in sy skure sal versamel, ook die koring uit die Bantoe-nasies. Daar is koring onder hulle. Soos ons dit kan sien in die Nqutu-distrik waar ons die seën van die HERE ondervind op ons Sendingwerk.

Toe ek in 1964 hier gekom het, was daar net die klein kerkie op Haladu waarheen Sondae ongeveer twintig of dertig mense gekom het. Nou na drie jaar kom daar elke Sondag 150 tot 200 mans, vrouens en kinders om te hoor wat die Woord van die HERE ook vir hulle sê. En op 'n ander berg, Nkande, hou ons ook elke Sondag kerk, nou nog in 'n ou skool, maar in Junie-maand sal ons 'n nuwe kerkgebou in gebruik neem. Die gemiddelde aantal besoekers in die kerkdienste was in 1966 nie minder nie as 210. By daardie geweldige getal was soms meer as 30 mans. Elkeen wat die Sendingwerk 'n bietjie ken, sal saamstem dat dit 'n groot seën van die HERE is, aangesien die mans baie moeilik daartoe beweeg word om kerk toe te gaan. Hulle is mos die priesters van die Bantoe-godsdiens en sal daarom die laaste wees om in Christus te glo.

Maar hulle kom. Elke Sondag. Die Woord van die HERE kom in hulle harte en sal daar werksaam wees soos die druppel wat die klip uithol, sodat hulle die HERE van hemel en aarde dien.

Maar reeds voor daardie dag sal aanbreek laat die HERE ons die eerstelinge van sy oes sien. Daar was 'n dogter van 17 jaar, Mfakatseng Mfela. Haar ouers was en is volslae heidene wat nie daartoe gebring kan word om kerk toe te gaan nie. Hulle het twee jaar gelede hul dogter besnydenisskool toe gestuur. Mfakatseng wou glad nie gegaan het nie. Sy het gegaan toe hulle haar dwing en daar nie 'n uitweg oorgebly het nie. Maar nouliks was die inisiasieskool van die Basotho afgeloop of sy het weer kerk toe gekom en sy het in die belydenisklas haar uiterste gedoen om alles te leer wat nodig is om te weet, sodat sy gedoop kan word. Toe het skielik 'n eggenoot vir haar gekom wat haar saamgeneem het na sy pa se stat, so 17 myl van die plekke waar ons werk. Sy het gevra om eers gedoop te mag word. Ons het haar toe besoek en gevra wat sy glo van die Woord en die werk van die HERE. En haar antwoord het ons baie stil gemaak, stil van ontroering en dankbaarheid oor die groot werk wat die HERE in die hart van Mfakatseng gewerk het. Sy het gesê: „Ek is 'n kind van die HERE. Ek weet Hy het my lief en daarom wil ek Hom ook liefhê, met my hele hart. En ek glo dat Hy my sondes wil vergewe ter wille van die bloed van sy Seun. Ek wou nie besnydenisskool toe gegaan het nie, maar my Pa het my gedwing. Nou belowe ek dat, as

die HERE my kinders wil gee, ek sal probeer om hulle groot te maak as gelowige kinders sodat hulle Hom dien in hul lewe".

Ons het haar toe gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. En ons moes haar laat gaan, nie net na die huis van haar man nie, maar ook na sy kerk, die Anglican Church. Vrouens moet mos aansluit by die kerk van hulle mans. Maar ons het toestemming gekry van haar skoonouers om haar nog te kom besoek. Een dag toe ons by haar is, vra ons haar hoe sy daarvan hou om by die Anglikane kerk toe te gaan. Haar antwoord het ons verbly: „Nee, Mfundisi, ek hou nie daarvan nie want die predikant lees wel uit die Bybel maar hy preek nie daaroor nie, dis net stories, en hy kan nooit by die einde kom nie. Ure lank moet ons sit en luister sonder om die Woord van die HERE te hoor uitlê". Ons was dankbaar om dit te hoor. Dit wys hoe sy geleer het om te onderskei tussen 'n regte preek, die uitlê van die Skrif en die stories van 'n mens. Die mooiste kom nog: Elke aand lees sy vir al die mense van daardie stat voor uit die Woord van die HERE!

Mag Hy, wat gewerk het deur sy Gees in die hart van Mfakatseng, ook baie ander mense se harte in besit neem, sodat Hy baie kinders sal hê in die Nqutu-distrik.

# Sendingnuus uit ander kerke

**Groot toeloop**

Indonesië is nou al twintig jaar onafhanklik, maar die revolusie is nog in volle gang. Die kommunistiese staatsgreep van 30 Sept. 1965 is wel afgeslaan, die nasionalisme het geblyk sterker te wees as die Kommunisme. Die inheemse bevolking is daar besonder trots op dat hulle, sonder hulp van buite, self die Kommunisme 'n harde slag toegedien het. Maar oorbevolking, bittere armoede en onvermoë om die land se ryk bronne te ontgin, ontwrig die ekonomie. En daarom duur die rewolusie nog voort en bly die toestand plofbaar. Daarby kom nog die aanslae van die Islam.

Te midde van al hierdie ellende en gisting is daar 'n geweldige toeloop na „godsdiens", d.w.s. na die Islam, die Hindoeïsme en die Christendom. Die toeloop na die Christendom is so groot, dat die kerk dit moeilik vind om tred te hou. Ook bied dit nie slegs pragtige geleenthede nie, dit bring natuurlik ook die gevaar van vervlakking mee.

(Geref. Zending '66; Zendingsblad, Mei 1967).

**Moderne middels:**

Om Bybelse lesse, ens., voor te stel word alle moderne „massakommunikasiemiddele" — film, radio, televisie, toneelopvoering, pamflet — ingespan om groot massas te lok. Hierdie middele sluit besonder goed aan by die volksaard van die Indonesiërs. Diegene wat op hierdie maniere ingetrek is binne die bereik van die sendingwerkers, word dan verder op die gewone manier bearbei.

(Geref. Zending 1966).

A.P.



Kantoor en fabriek van staal, steen en beton, Industria – ontwerp en opgerig deur B & G.

vir betroubare werk

in staalkonstruksies . . .

raadpleeg:

# BAKKER & GRIFFIOEN



Kantoor en fabriek, Spartan, Kempton Park.



Gebouekompleks vir Hebel-Gasbeton, Roodepoort.



Garage, Klerksdorp



Fabrieksgebou, Steeledale.

## BAKKER & GRIFFIOEN (EDMS.) BPK.

*Ontwerpers Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies*

**POSBUS 17, INDUSTRIA, TRANSVAAL**


**Tel. 27-4121, Johannesburg. Tel. ad: „BAKGRIF"**

BG 1472

17 JAN 1968

SENDINGTYDSKRIF
JAARGANG 10 — NR. 5
DESEMBER 1967

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY



# DIE OES

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2. a. Rugama in Tswana en Sotho 30c per jaar
   b. Rugama in Zoeloe en Xhoza 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar
   Tumelo ea Bakreste.
   (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis 10c elk
5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Tswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sotho 10c elk
12. Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda 5c elk
13. Preekbundel in Zoeloe 30c elk
14. Preekbundel in Sotho 30c elk
15. Formuliere in Sotho en Tswana gratis
16. Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng. (Godsdiensonderrig op skole) R1.25.

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


Geregtigheid en die rassebeleid ...... ...... 3
Sendingwerk onder die Boesmans ...... 5
Enkele gegewens oor Afrika ...... ...... ...... 6
Nuusflitse ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... 7
Sendingnuus uit ander kerke ...... ...... ...... 9
Die ou Rome ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... 11
'n Gereformeerde Ekumeniese Sendingkonferensie ...... ...... ...... ...... ...... ...... 15
Interkerklike samewerking ...... ...... ...... 15



# DIE OES

**JAARGANG 10 — NR. 5**

**DESEMBER 1967**

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma, en ds. P. J. J. S. Enslin

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olenlaan 11, Potchefstroom.

# Geregtigheid en die Rassebeleid

**Die koninkryk van God en geregtigheid**

„Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid", sê die Here Jesus. Koninkryk van God en geregtigheid is onafskeidelik van mekaar. Christus het versoening vir die sondes gedoen, sodat daar geregtigheid mag wees in die koninkryk van God, wat Christus bring. Geregtigheid volg op die oorwinning, so sien die Ou Testament dit (vgl. Ps. 72). Dan word orde op sake gestel i.p.v. wanorde; die verdruktes word bevry, die gereg neem sy loop. Daar kom weer vrede en harmonie, 'n harmoniese samelewing is weer moontlik, want nou word daar weer beantwoord aan die geregtigheid wat God as vereiste vir die lewe stel.

Waar die geregtigheid ontbreek, ontstaan wanorde, chaos, onvrede. Dan verdwyn die geluk en die lag sterf op die gesig. God wil geregtigheid handhaaf ook uit barmhartigheid, want as Hy die mens toelaat om vry spel vir sy ongeregtigheid te hê, sal geen samelewing meer moontlik wees nie. Die profete van die Ou Testament was veral daarom so diep vertoornd as ongeregtigheid plaasgevind het, omdat die geregtigheid van God self, wat Hy self vir die menselewe neergelê het, daardeur gekrenk is. Daardeur is God self in sy eer geraak.

Om te voldoen aan die regseis van God en om die mens tot sy ware bestemming te bring, word Christus as sondaar veroordeel, maar behaal Hy ook die oorwinning oor die bose magte, wat in ongeregtigheid wil seëvier, en deel Hy die skatte van geregtigheid en vrede aan sy volk uit.

**Integrasie en geregtigheid**

Daarom moet ons bo alles soek die koninkryk van God en sy geregtigheid. Ook die wêreld is vandag baie fyngevoelig vir ongeregtigheid. So altans word voorgegee. Daar moet gelyke regte vir alle rasse en mense wees. Kerklike leiers is vandag baie allergies vir enige vorm van diskriminasie, veral in die optrede teenoor mense van 'n ander ras of volk.

Daar bestaan egter nie so iets soos gelykheid van gelyke regte nie. 'n Mens het trouens ook geen aanspraak op regte teenoor God nie. Wel het hy reg op sekere regte, soos bv. 'n regverdige behandeling. Dit is regte wat hy in die onderlinge verhoudinge tot die medemens het, maar dit is nie regte wat hom vanselfsprekend toekom nie. Hy kan alleen aanspraak maak op regte wat God hom in sy besondere posisie toeken; hierin is daar baie variasie en verskil, want God ken bv. nie dieselfde regte aan 'n arbeider as aan die Eerste Minister toe nie.

Maar die liberalisties-humanistiese wêreld wil aan alle rasse en mense gelyke regte toeken en ook kerklike leiers beywer hulle daarvoor. Die kerk mag nie weer t.o.v. die onreg swyg nie, soos wat dit gedoen het ten tye van die Franse revolusie en die latere kommunistiese revolusies in verskillende lande. Terwyl die kerk in hierdie gevalle geswyg het, het die ongelowige wêreld met noodlottige gevolge in-

getree om op revolusionêre wyse veranderinge aan te bring. Dit mag nie in die toekoms herhaal word nie. Die kerk mag nie weer op dieselfde manier aan die slaap gevang word nie. So word vandag geredeneer.

Teen hierdie agtergrond gesien kan mens ook verstaan dat die gevoel teen diskriminasie vandag baie verskerp is. Dit bring ook mee dat ons apartheidsbeleid skerp veroordeel word. 'n Groot onreg sou daardeur teenoor die nie-blankes gepleeg word. Dit mag nie gedoog word nie. Die kerk moet getrou wees aan sy profetiese roeping om daarteen te getuig en te propageer.

**Apartheid en geregtigheid**

Ons stem heelhartig saam dat die kerk nie mag swyg waar ongeregtigheid plaasvind nie. Daar moet voldoen word aan die geregtigheid van die koninkryk van God. Dit is nie in belang van sy koninkryk dat onreg deur die kerk geduld word nie.

Maar — en dit is 'n baie groot maar — dit wil nie sê nie dat die enigste manier waarop hieraan voldoen kan word, is om integrasie toe te pas. Teenoor integrasie het ons Sinode die Skrifstandpunt gestel dat, indien twee of meer volke in dieselfde land nie met mekaar wil assimileer nie, of een nasie wil wees nie, dan moet elke volk liewer sy eie land kry.

Dit is wat ons ooreenkomstig die eiesoortigheidsgedagte in Suid-Afrika wil verwesenlik. Ons weier ten enemale om aan te neem dat so 'n standpunt ongeregtigheid inhou en dat alleen integrasie regverdig kan wees. Met 'n regverdige en billike segregering in verskillende tuislande is daar selfs beter moontlikhede van geregtigheid as met integrasie.

Maar — en dit is ook weer 'n groot maar — sodanige beleid kan wel op ongeregtigheid uitloop as daar geen bestaansmoontlikhede vir die volke in hulle eie lande is of indien ons nie wil meehelp en offer dat die lande so gou en so goed moontlik ontwikkel word, sodat die bestaansmoontlikhede geskep kan word. As dit nie gedoen word nie en as daar dan nog onverminderd en tot in die oneindige met al die apartheidsmaatreëls in die blanke gebiede volhard word, sou dit onregverdig wees, sou dit neerkom op ongeregtigheid.

Hierteen het ons al verskillende male gewaarsku en ons meen ons regering is ook wel bewus van die gevaar.

**Die kerk se roeping t.o.v. geregtigheid**

Daarom is ons dankbaar dat „Woord en Daad" in die uitgawe van November 1967 die saak weer so pertinent onder die aandag gebring het: *Dit is nie in belang van die koninkryk van God as die tuislande nie so snel en so goed moontlik ontwikkel word nie en as ons weier om die nodige offers vir die uitvoering van die segregasie-beleid te bring. „Woord en Daad" roep selfs die kerk op om hiervoor te getuig en om die geregtigheidseis van die Woord van God aan die gemeente in alle erns voor te hou.*

Ons kan alleen maar ons innige waardering vir hierdie mooi geloofstaal uitspreek in die vertroue dat, waar die waarheid van die Woord van God ook in hierdie verband aan die kerk gestel word, ons wel sal weet om te gehoorsaam. Hoe dankbaar kan ons dan wees dat die Here ons vir hierdie doel wil gebruik, om 'n vreedsame naasbestaan van volke in Suid-Afrika moontlik te maak.

H. du P.

# Sendingwerk onder Boesmans in S.W.Afrika en Botswana 3

**deur ds. M. A. Kruger**

Die Boesmans is 'n klein volkie. In Suidwes-Afrika mag daar nog 7,000—10,000 wees. In Botswana is daar volgens die verslag van Silberbauer aan die Britse regering nog ongeveer 25,000. Die wildes leef hoofsaaklik van veldkos met vleis as die tweede belangrikste voedsel. Hulle is baie vuil. Water is gewoonlik nie iets waarmee gewas word nie, maar wat gedrink word. Hulle het later teruggetrek na die onherbergsaamste dele soos die Kalahari.

In teenstelling met wat sommige skrywers skryf, het ek ondervind dat die wilde Boesmans nogal 'n mooi huwelikslewe het. Gewoonlik is daar net die monogame huwelik. Die familie bly bymekaar. Die vrou het net soveel seggenskap soos die man, indien nie somtyds meer nie. Hulle is baie lief vir hulle kinders en sover ek weet, slaan 'n Boesman nooit sy kind nie. Waar dit wel gedoen word, is dit as gevolg van die voorbeeld van ander volke. Tog is daar gevalle van bigamie waar die eerste vrou oud word. Dit is egter beperk tot sekere groepe Boesmans. Die Boesmans is baie vriendelik en raak alleen aggressief wanneer hy homself bedreig voel. Dan sal hy ook genadeloos wees. Hulle liefde en wreedheid lê baie naby mekaar. Uit liefde vir die groep wat moet voortbestaan sal die wildes op die trekpad 'n kraaltjie van takke slaan om 'n oue wat nie meer kan byhou nie en so sal veroorsaak dat die groep hongerly. In die kraaltjie moet die oue dan maar sterf terwyl hulle voortgaan. Uit liefde vir 'n klein kind wat nog al die sorg van die moeder nodig het, sal hulle 'n ander een wat te gou na die kleintjie gebore word, om die lewe bring. So ook met tweelinge. Die lewe van 'n Boesman is 'n harde lewe en daarom moet daar nie sulke swakkes wees wat die ander benadeel nie. Waar daar nie meer nood is nie, soos by die wat by blankes is, word oues en lammes egter mooi versorg. Hulle is intelligent maar het 'n lae werksvermoë. In Gobabis is daar een, Sisawa, wat nou hulpdiens verrig in die sending. By boeremense het hy homself geleer om Afrikaans te lees en te skryf. Behalwe Sisawa is daar slegs nog een, August, op die plaas Hakon van mnr. D. Opperman ('n ander Opperman as die vorige), wat kan lees en skryf.

Baie van die Boesmans wat op die plase werk, het groot bierdrinkers geword. Dit skep 'n groot probleem vir die boere en vir die sending. 'n Klein getal is ook verslaaf aan petroldampe. Soms word selfs die sluitproppe van motors afgebreek om so die petrol te kan bykom.

Oor die vroeëre godsdiens van die Boesmans is daar nog nie veel sekerheid nie. Hulle het soms die maan aangeroep en het ook 'n geloof in die eerste voorvaders. Dit skyn egter of hulle nooit baie godsdienstig was nie.

Soms sal hulle in die aand lank dans om die vuur. Die mans dans agtermekaar in 'n kring en die vroue sit eenkant en klap hande en maak eentonige skreeugeluide wat nie sing genoem kan word nie. Skrywers beweer dat dan ook ekstatiese verskynsels en uitdrywing van bose siekteveroorsakende geeste voorkom. Die Boesmans sing baie min. Ek het net eenkeer by die wildes 'n eentonige deuntjie sonder woorde gehoor.

In Gobabis het 'n dogter, Johanna van Vuuren, op die plaas van haar vader, Oom Piet van Vuuren, baie gedoen vir die sending. Sy kan die Boesmantaal vlot praat en het self begin om psalmversies te vertaal en om gereeld vir hulle katkisasieklasse te hou. Sy was my baie behulpsaam met die vertaling. Die Bybelgenootskap het hierdie kosbare werk van haar erken deur aan haar 'n Bybel in pragband te oorhandig op die sitting van die Klassis S.W.A. van 1965 te Grootfontein.

Die Administrasie van S.W.A. het nou 'n oudstudent van die P.U. vir C.H.O. en die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel om die taal as skryftaal te probeer vaslê. Prof. Westphal van die Universiteit Kaapstad en verskeie persone van die Universiteit van die Witwatersrand is ook besig met volkekundige en taalstudies onder die Boesmans.

Vanaf Julie 1967 D.V. bly br. en sr. D. J. Jerling van Witbank op die sendingplaas van Aranos in Botswana. Die br. en sr. het reeds in Witbank hulle ywer vir die werk van die Here betoon deur 'n skool vir nie-blankes op hulle plaas op te rig en aktief in die sending te help. Ons vertrou dat die sendingwerk onder hulle toesig op die plaas en met die volgehoue arbeid van die helper Andries Rampa, sy vrou Esther en die onderwyser Mothibe, geseënd sal voortgaan.

Ook in die gebied van Aranos se gemeente self het die kerkraad met sendingwerk begin. Sr. Nellie van Taak het haar plaaswerkers so onderrig dat hulle gelowig geword het en gedoop kon word. Hulle kry gereeld bediening op die plaas Soho. As kern van 'n toekomstige gemeente trek hulle reeds ander na hulle toe.

Die Boesmans is seker een van die luiste volke na wie die Woord van die Here gekom het. Dit is ook genade van die Here dat Hy die Gereformeerde Kerk vir hierdie taak wil gebruik. Mag die werk van ds. Van der Westhuizen ryke vrugte afwerp. Mag hy in volle mate die bystand van die gemeente ondervind sodat hulle sal voel dat dit die gesamentlike taak van *die gemeente* is om die Boesmans te bearbei.

## Nuusflitse

★ Die eksaminasie by die Teologiese Skool op Hammanskraal het 'n aanvang geneem. Die twee studente wat hulle studies vanjaar voltooi, sal op 30 November beroepbaar gestel word.

★ Die kerkraad van Hennenman het die Klassis Mangaung (Vrystaat) gevra dat sy helper, wat 'n opgeleide predikant uit 'n ander kerkverband is, toegelaat moet word om predikant te word.

Na bespreking is besluit dat die saak deur die Kuratore van die Teologiese Skool op Hammanskraal, gehanteer moet word.

Onder leiding van die kerkraad van Rustfontein (nie-blanke) word 'n kerkskoolgebou eersdaags op die plaas, Vrystaat opgerig.

★ Die Klassis Mangaung, naby Bloemfontein het vergader onder voorsitterskap van ds. N. Bohloko. Afgevaardigdes van Odendaalsrus, Welkom, Hennenman, Phahameng, Rustfontein en Thaba 'Nchu, was op die klassisvergadering. Die versorging van die oues van dae is deur die Klassis bespreek en die reëlings i.v.m. die kerklike finansies en die diakonie is ook getref. Die Klassis (blanke) was ook behulpsaam met visitasie.

★ Die nie-blanke gemeente in Khutsong

naby Carletonville het 'n aanvang gemaak met die bou van hulle kerk. Daar is 'n mooi vordering van die gemeente en die belydende lidmate alleen tel ongeveer twee honderd (200).

★ Omdat dit moeilik is om geneeshere te vind vir sendinghospitale het die kerkraad van Louis Trichardt besluit om 'n studiefonds te stig vir voornemende mediese praktisyns. By voltooiing van hulle studies kan hulle dan die sendinghospitale beman.

★ In Klassis Lydenburg bestaan daar drie nie-blanke gemeentes. 'n Vierde, nl. een op Nelspruit is gereed om gestig te word. In die Klassis werk nou drie predikante (Bantoe) en twee helpers. By die nie-blanke gemeentes word gewerk in die rigting van selfonderhouding. Byna vyf duisend rand (R5,000) is deur die blanke gemeentes in die afgelope jaar vir sending bygedra.

★ Die nie-blanke gemeente van Vanderbijlpark het gedurende Oktober hulle nuwe kerkgebou in gebruik geneem. Dr. I. J. van der Walt, sendingleraar op Potchefstroom, het by die geleentheid die feesrede gehou.

★ Prof. J. van Riessen van Nederland het tydens sy besoek op Potchefstroom 'n erediens in Ikageng naby Potchefstroom bygewoon. Die erediens is deur prof. D. C. S. van der Merwe, die vorige leraar van die gemeente, in die Tswana-taal gehou. Na afloop van die diens het prof. Van Riessen die gemeente toegespreek. Hy het sy dankbaarheid te kenne gegee vir die mooi samewerking en ook die vordering op die sendinggebied. Hy het ook die groete van sy kerk in Nederland oorgebring.

★ In Dalmeny, Natal, het die lidmate so aangewas dat daar hopelik eersdaags 'n gemeente gestig sal kan word. Die lidmate het volgens die sendingleraar meedeel, reeds 'n jaar volgehou om 'n groot deel van die helper se salaris te betaal.

★ Die Sinode Middellande het ds. S. R. Madia met ds. S. More as sekunde benoem om die Sinode van die Kleurlinge op Grassypark naby Kaapstad, by te woon. Die Sinode van die Kleurlinge is ook bygewoon deur die redakteur van die Kerkblad vir die Kleurlinge, mnr. J. H. Schutte.

★ Met die oog op die uitbreiding van sending onder die Zoeloes in die omgewing van Pongola word 'n kombinasie van al die blanke gemeentes in die ressort van die Klassis Piet Retief beplan.

★ Vyf en twintig van die vyftig Psalms wat in Tswana vertaal en van musiek voorsien is, is nou deur mor. J. M. 'Khama in Suid-Sotho vertaal. Die vyftig Psalms in Tswana is vroeër vanjaar deur die Sinode op Atteridgeville goedgekeur. Die twee vertalings, nl. in Tswana en Sotho behou dieselfde musiek.

★ 'n Samespreking tussen deputate vir Sending van die Partikuliere Sinode van Kaapland en Suidwes-Afrika en afgevaardigdes van die deputate vir Sending- en Nasorglektuur is onlangs op Dordrecht gehou om die voorsiening van lektuur in die Xhosataal te bespreek.

Met die ontwikkeling van die sending in die Xhosa-sprekende gebied het dit noodsaaklik geword om lektuur in die taal beskikbaar te stel.

H. B. van der Walt.

# *Enkele gegewens oor Afrika*

Daar is ongeveer 55 miljoen Christene, 85 miljoen heidene en 90 miljoen Mohammedane in Afrika. Van die Christene is ongeveer 20 miljoen Protestante, 30 miljoen Rooms-Katolieke en 5 miljoen Koptiese Christene van Egipte en Ethiopië.

★

Die aantal aanhangers van die afgeskeie naturellesektes in S.A. het in die 9 jaar van 1951 tot 1960 vermeerder van 1,593,939 (18.6% van die totale Bantoebevolking) tot 2,313,365 (21.2%). Hulle vermeerder baie vinniger as die tradisionele kerke.

In Wes-Afrika is daar slegs 60 naturelle-predikante per miljoen inwoners terwyl daar in verskillende ander dele van Afrika maar net 10 per miljoen is.

★

37 lande in Afrika het sedert 1955 onafhanklik geword, in 1960 alleen 17.

★

Daar is van buite Afrika 800,000 onderwysers vir sekondêre onderwys nodig.

Daar is ongeveer 30,000 Afrikastudente in Oos-Europa en 5,000 in Rusland, terwyl 4,000 Afrika-studente van buite Egipte in Kaïro studeer.

In 1966 was daar ongeveer 11 miljoen radio-toestelle in Afrika met ongeveer 55 miljoen inluisteraars.

Daar is 400 uitsaaistasies in Afrika wat in 186 tale uitsaai en 37 lande buite Afrika saai in 24 tale na Afrika uit.

Die kommunistiese lande saai van hulle verskillende radio-stasies 336 uur per week uit.

Van Kaïro word in 26 tale uitgesaai.



**Naturellevroue aan die arbeid**

# *Sendingwerk uit ander kerke*

**In die bos gebore:**

In die N.G. Kerk se **Sendingblad,** Junie 1967, verskyn 'n stuk oor die „Kerk van Christus onder die Tiv in die Soedan" (Noord-Nigerië). Nadat die sendelinge 'n twintigtal jare onvermoeid die Evangelie wyd en syd verkondig het sonder om enige noemenswaardige vrug op hul arbeid te sien, is die Tivkerk 'n mens kan byna sê oornag gebore, daar in die bos weg van die sendingstasie af.

Dit het in 1933 gebeur, toe daar 'n landswye ontwaking onder die Tiv begin kom het.

In 1911 is 'n begin gemaak met die verkondiging van die Evangelie onder die Tiv. Die bogenoemde spontane beweging van twintig jaar later, word só beskrywe: Sonder om van mekaar te weet, het groepies Tiv op verskillende plekke in die land by een of ander dorpie bymekaar begin kom om godsdiensoefeninge te hou en om te leer om die Bybel te lees. Die leiers van hierdie groepies was inwoners van die betrokke dorpies. Dit was persone wat kon lees en 'n Bybeldeeltjie besit het. Sommige van hulle was 'n kort tydjie in een of ander van die sendingskole. Hulle was nie lidmate van die kerk en selfs ook nie eers katkisante nie. Niemand het hulle gestuur of probeer beïnvloed om 'n skooltjie in hul eie dorpie te begin nie. Dit was dus sonder regstreekse aansporing of bemoeiing van die kant van die sendingstasies, dat daar oral „Bybelskooltjies" ontstaan het.

Na afloop van tyd het sommige leiers van hierdie skooltjies en 'n paar van hul volgelinge gaan kennis maak met die sendingstasies, waar hul natuurlik met ope arms ontvang is. Gevolglik is hul ywer in die regte bane gelei. Daar was egter ongelukkig ook diegene wat hul eie leierskap wou behou, en hul mense weggehou het van die sendelinge, of as middelmanne tussen die Tiv en die sendelinge wou optree.

Maar die mense uit die bos, met hul kragtige oortuiging, het nie teruggedeins nie, hul het in krag toegeneem. Hul teenstanders het geleidelik van die toneel verdwyn.

Die kerk wat in die bos gebore is, tel tans ongeveer 12,000 lidmate. Die skrywer in die **Sendingblad** kan maar net uitroep: „Dié werk van god'lik alvermoë is van God self geskied — ons sien dit maar deurgrond dit nie".

**'n Eie roeping:**

**De Gereformeerde Zending in 1966** is die jaarverslag van die sendingwerk van die Geref. Kerke in Nederland. In die inleiding word met klem betoog dat die kerk 'n eie opdrag en taak het. Kenmerkend van ons tyd is dat in al die ryk lande die oë oopgegaan het vir die nood wat in die arm lande gely word.

„Miljoene mense is niks anders nie as diere wat in ellende lewe". Groot is die ekonomiese nood, die honger; die sosiale en kulturele nood; die mediese nood; die geestelike nood. Oor die hele wêreld word daar op ongekende skaal beplan, georganiseer en gewerk om op al hierdie terreine oplossings te vind en uitkoms te bied.

Die kerk kry in sy werk te doen nie net met die geestelike nood nie, maar ook met die ekonomiese, die mediese, die sosiale en die kulturele nood. Daarom meld die jaarverslag ook van ekonome, landboukundiges, drukkers en bouers, dokters en vroedvroue, ens. Maar die sendingarbeiders op al hierdie terreine staan in diens van die Ryk wat kom, die diens aan die waaragtige herstel van die lewe. Die hulpverlening wat uitgaan van die kerk dra steeds 'n eie karakter, die karakter van Woordbediening en diakonaat.

**Onverwagte vrugte:**

„'n Handjievol sendelinge het die vriendskap van Malawi en dr. Hastings Banda vir ons Republiek gewen". Dit was die woorde van 'n briefskrywer, Optimis, in *Die Transvaler*. 'n Ander briefskrywer, R.J.R., vertel dat die sending van die N.G. Kerk in 1889 in die destydse Njassaland begin is met die doel om die Christendom aan die heidene daar te bring. In hierdie doel is in 'n wonderlike mate geslaag, maar dit het ook die bykomende gevolg gehad dat daar diep in Midde-Afrika 'n kol van goedgesindheid teenoor Suid-Afrika is, wat vandag nog bestaan. Die Malawiërs het vandag nog 'n besonder hoë dunk van die „Dutch". Dr. Banda, gebore op 'n N.G.-sendingstasie, het eenkeer gesê die sending het daar leiers laat ontstaan, want byna die helfte van sy ministers kom uit die gebied waar die sendingwerkers arbei. Hulle het hul opvoeding by die sendingposte gekry (*Die Transvaler*, 9/10/67).

(Die Presbiteriaanse Kerk van Skotland, het ook baie sendingwerk in Malawi gedoen. Hierdie feit is egter nie ter sake wanneer gehandel word oor die goeie gesindheid jeens Suid-Afrika nie. Die doel met die sending mag nooit nasionaal of staatkundig wees nie. Daarom dui ek, in die geval van Malawi, „die bykomende gevolg" aan as *onverwagte vrugte*. — A.P.).

**Ouderling weier om „sir" te bly:**

Dr. Francis Ibiam is 'n ouderling van die Presbiteriaanse Kerk in Biafra, en een van die ses presidente van die Wêreldraad van Kerke. In 1956 is hy tot ridder geslaan vir sy dienste as sendingdokter.

Toe Biafra, waar die kultuur oorwegend Christelik is, weggebreek het van Nigerië, het Brittanje berus in die blokkade wat die federale regering, in die hande van Moslems, teen Biafra gevoer het.

Dr. Ibiam veroordeel „sowel Christelike Brittanje as kommunistiese Rusland vir hul onbeskaamde steun aan Moslem-Nigerië". Uit protes teen Brittanje se houding, het hy aan koningin Elizabeth geskrywe dat hy sy ridderskap aan haar teruggee.

**Encyclopedia of Modern Christian Missions:**

Ongeveer 'n eeu gelede, toe moderne sending nog in sy kinderskoene was, het 'n sending-ensiklopedie verskyn. Na twee dekades is 'n hersiening gelewer. Sedertdien is bitter weinig op hierdie gebied ge-

doen. Om in hierdie baie ernstige leemte te voorsien, het die Gordon Divinity School, Boston, Mass., hulle aangegord om bogenoemde werk te lewer, met medewerking van kontributante uit alle lande. Die manuskrip beloop byna 4,000 getikte bladsye.

**Dreigement van „heilige oorlog" in Indonesië:**

Die leier van die Mohammedane in Indonesië het 'n ope brief aan pres. Soharto gerig waarin hy met 'n „heilige oorlog" dreig as die grootskaalse toeloop na die Christendom in Sentraal- en Oos-Java voortduur. Sedert die leër in September 1965 'n Rooi rewolusie onderdruk het, het 25,000 mense net by die Protestantse kerke aangesluit. Die Christene in Indonesië vrees dat hierdie brief aanleiding kan gee tot nuwe pogings om die land (waar godsdiensvryheid heers) in 'n Moslem-staat om te skep. In Makassar het Mohammedane reeds al tot geweld oorgegaan en kerkeiendom verniel. Die Christene benadruk die feit dat die massale ommeswaai na die Christendom die afgelope twee jaar nie bewerk is deur die kerk se sending nie, maar dat die Mohammedane uit eie vrye keuse oorgekom het, omdat hulle om politieke en sosiale redes nie meer met die Islam tevrede is nie.

— *(RES News,* 21/11/67). A.P.



**Naturellevroue aan die arbeid**

# Die ou Rome

**deur ds. J. Vonkeman**

**(van die Vrijgemaakte Geref. Kerk)**

Wat moet 'n mens skryf oor die sendingwerk wat deur die Gereformeerde Kerk van Kampen (art. 31 in Nederland), in broederlike samewerking met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, gedoen word in die Natalse distrikte van Richmond en Ixopo? Jy kan die leser vermoei met getalle: nege kerkgeboutjies, 'n hele paar poste, twee sendelinge, agt helpers, omtrent 1600 Zoeloes wat min of meer reëlmatig kerk toe kom. Jy kan skryf oor die skoolwerk wat gedoen word; oor die kliniek wat opgerig is; oor die taai vasklou aan die verering van voorvadergeeste wat gedeeltelik verdwyn onder invloed van die Evangelie maar gedeeltelik ondergronds voortgesit word; oor die onversetlike krag van die half-heidense sektes, die stilswyende verset van baie plaasboere teen Evangelieverkondiging onder hulle ‚kaffers' en die stadige ontdooiing van die groot kaptein van die ou-elite stam van die abaMbo in die reserwe-gebiede; die moeilikheid wat mens ondervind in die bergagtige gebiede langs die Umkomaas-rivier waar al die werk nog te perd gedoen moet word of die ekonomiese aktiwiteite insake die verkoop van mieliemeel en ander kossoorte op die sentrale sendingpos. Mens kan ook oor die geestelike agtergrond van al hierdie werk uitwei dat Jesus Christus 'n werklose Zoeloewêreld onder sy koningskap terugbring, sodat baie vandag bid wat nooit gebid het nie en in Hom sterwe.

**Rome staan op:**

Sedert 1911 het ook die Roomse Kerk hier rond 'n groot sendingstasie. Maar mens kry die indruk dat hulle eers nie veel sendingwerk gedoen het nie, die werk was veral gerig op hul eie boerdery, boomplantasie en winkel. Net hier en daar het ek in die begin Roomse Zoeloes raakgeloop, maar hulle is nooit amptelik bearbei nie, — nooit het ek die eerste jaar op my togte die Roomse priester of sy kategeet (helper) iewers in die veld aangetref nie. Hulle het eintlik net hul dienste gehad op hul sendingstasies. Maar toe die Evangelie sy pad begin vind het, het Rome soos dit voorkom, verontrus geraak. Want die Gereformeerdes het hul helpers begin oplei, kerke begin bou en orals met dienste begin. Toe het die Roomse reus begin ontwaak. En aktief geword.

Dit is verbasend om te sien hoe hul aktiwiteit net teen ons gerig is. Dit is tog die enigste verklaring vir die wyse van hul werk. In 1966 begin ons werk in die Ixopo-distrik, die Zoeloes word in hul hutte besoek en die Evangelie word aan hulle voorgelê. As gevolg hiervan word daar iewers in 'n kraal met dienste begin, 'n kerk word gebou en 'n skool geopen, maar Rome, wat nog nooit daar gewerk het nie, volg en begin ook dienste hou. Ons begin met mediese werk, hulle ook. Ons begin werk met helpers, hulle ook. Hulle sit net en wag waar ons volgende stap sal wees en dan volg hulle.

Dit is heel gewoon om hier heidene in die paadjies te sien stap met die heidense medisyne botteltjie om hul hals langs 'n blink blikkerige medaljonnetjie van Maria met die woorde: „O Mary, conceived without sin, pray for us, who have recourse to thee". Hulle weet glad nie wat dit beteken nie, maar dit kom van die Roomse Kerk wat slim genoeg is om die heidense gedagtegang te gebruik om hulle invloed uit te brei. Want die magiese denkwyse reken dat die spoggerige dingetjie 'n aanvulling is by die middele van beskerming wat hulle reeds het. By die honderde word hulle uitgedeel!

Rome is ondanks die baie veranderinge, in die afgeleë gebiede van die Umkomaas-wêreld nog die ou Rome. Die Gereformeerde sending kan geen stap doen nie of Rome volg en probeer vernietig met die ou voorwendsel: „Ons is die enigste kerk". Die ander is net verdwaalde skape wat teruggebring moet word. Teenoor hierdie aanvalle pas die gebed: „O *Jesus*, conceived without sin, pray for us, who have recourse to thee".

---



**Geboortekerk in Betlehem**

# 'n Gereformeerde Ekumeniese Sendingkonferensie

Voorafgaande aan die Geref. Ekumeniese Sinode in Amsterdam in Augustus 1968 sal daar 'n Gereformeerde Ekumeniese Sendingkonferensie te Baarn plaasvind. Die afgevaardigdes sal tuisgaan in die sendingsentrum van die Gereformeerde Kerke in Nederland.

Hoewel dit 'n sendingkonferensie genoem word en sendingsake die grootste plek sal inneem, is dit eintlik 'n konferensie insake sending en evangelisasie, of soos dit soms genoem word interne en eksterne sending.

Uit die onderwerpe van die lesings blyk dat baie aktuele vrae behandel sal word wat in die sentrum van die Protestantse ekumeniese belangstelling staan. Die konferensie kan van groot betekenis wees vir die sending en evangelisasie van Geref. sowel as ander kerke; omdat sake hier vanuit die Skrifbeginsels, soos dit in Gereformeerde kringe en konfessies gesien word, belig sal word. Daarom sal dit so 'n belangrike konferensie wees.

Die lesings sal oor die volgende onderwerpe handel:

1. Die doel van die sending vandag.
2. Die evangeliserende kerk en die groeiende sekularisme.
3. Wêreldsending en sinkretisme.
4. Ekumenisme in Evangelisasie.
5. Die sendingprogram van die kerk.
6. Die nasionale kerk en die sending van die buiteland.
7. Die konsolidering van Gereformeerde sending.
8. Sending en die voleinding.

As sprekers sal optree teoloë uit die twee Amerika's, Nederland, Suid- en Wes-Afrika, Australië en Japan. Prof. H. du Plessis is gevra om 'n lesing te gee oor „Die konsolidering van Geref. sending"

Behalwe die lesings sal daar ook verslae oor die sending van Geref. kerke in Asië, Afrika en Latyns-Amerika gelewer word.

# INTERKERKLIKE SAMEWERKING OP SENDINGGEBIED

## IN SURINAME (WES-INDIË)

In hierdie Hollandse Kolonie is op groot skaal suiker, koffie en ander tropiese gewasse verbou waarvoor slawe uit Midde-Afrika ingevoer is. Dit was een van die eerste lande waar die Morawiese Broedergemeente sendingwerk verrig het. Na die afskaffing van die slawerny in 1863 het 'n groot getal Negerslawe die vryheid gesoek in die uitgestrekte boswêreld van die land. Alhoewel die Bosnegers die vryheid gesoek het, het hulle dikwels armoede gely en was weens hulle onhigiëniese lewenswyse, onderhewig aan allerlei siektes, waarna hulle hul toevlug geneem het tot towenaars of kwaksalwer-medisynmanne. Pleks van vryheid, was hulle diensknegte van die sonde.

Intussen het die Broedergemeente voortgegaan met sy werk. In Paramaribo, die hoofstad, is 'n groot algemene handelssaak opgerig ter ondersteuning van die sending, 'n groot kerk is gebou vir blankes, sowel as Negers en Indiane. Die planters het Javane en Brits-Indiërs ingevoer,

om die werk op die plantasies voort te sit, en die sendeling, wat onder hulle gearbei het, was verplig om ook die tale van die nuwe werkkragte aan te leer. Weens die talryke siektes onder die Bosnegers moes al die sendelinge eers enige tyd in 'n hospitaal werk om kennis van die behandeling van siektes op te doen.

Die sendingwerk van die Broedergemeente is aanvanklik vanuit Herrnhut beheer en ook finansieel gesteun, maar deur die wêreldoorlog is Herrnhut en bowedien geheel Duitsland verhinder om geldelik by te dra tot die sendingwerk in Suriname, en toe is die werk in hande gekom van die Broedergemeente in Zeist, Nederland, en is kragtig gesteun deur die Gereformeerde, Hervormde en Lutherse kerke in Nederland.

Daar die mediese behandeling van krankes so 'n groot rol speel as middel om die pasiënte tot Jesus Christus te lei, is deur die Broedergemeente, in samewerking met die Gereformeerde, Hervormde en Lutherse kerke in Nederland, die melaatse hospitaal Bethesda opgerig, waar melaatse pasiënte opgeneem word. Hierdie hospitaal is voorsien van alle moderne middels ter bestryding van die siekte, en die mediese wetenskap is so ver gevorder dat alle pasiënte genees kan word, tensy hulle in 'n te ver gevorderde stadium verkeer.

Behalwe die Nederlandse kerke werk ook die Amerikaanse genootskap „Door to Life", 'n mediese sending, onder die Indiane. Dit het verskeie klinieke opgerig onder verskillende Indianestamme, waar verpleegsters aangestel is onder leiding van 'n vroue-dokter in Paramaribo. Toe egter hierdie dokter na Amerika teruggekeer het, het 'n dokter Jan van Mazyk by sy gewone praktyk in Paramaribo die werk oorgeneem. Om sy taak te vereenvoudig is toe alle klinieke met radio-telefoon verbind, sodat al die Trio- en Wagana-indiane daardeur bereik kan word. Die verpleegsters in die verskillende klinieke is telefonies met dr. Van Mazyk, wat aan die Gereformeerde Kerk behoort, in verbinding. Al die werk is pragtig georganiseer. Die dokter kan aan al die verpleegsters telefonies aanwysinge gee, terwyl op alle stasies voldoende voorrade medisyne aanwesig is.

In opdrag van die algemene diakonale deputate van die Gereformeerde kerke in Nederland het drie lede 'n besoek aan Suriname gebring om te sien wat op diakonaal en sendinggebied tot stand gebring word. Met 'n vliegtuig van die „Missionary Aircraft fellowship" het hulle verskillende sendingposte in die oerwoud besoek. Hulle het ook 'n besoek gebring aan die „Ester"-stigting, wat ten doel het om melaatse pasiënte, by wie die siekte tot stilstand gekom het, aan 'n behoorlike woonhuis te help. Die meeste van hulle het nie meer hande of vingers nie maar sien nog kans om 'n bietjie houtwerk te doen, blomme te versorg of om ander klein werkies te doen. Ook help hulle om die klein dorpie, wat die stigting vorm, skoon te hou.

Dit is merkwaardig dat in 'n land met so 'n groot verskeidenheid van rasse, daar tog, ook ten gevolge van die invloed wat van die Christelike kerke uitgegaan het, vrede en harmonie heers, terwyl daar in die naburige Brits-Guiana gedurig rassekonflikte en stryd is!

(Die dokter J. van Mazyk is 'n seun van die broer van meester R. van Mazyk, vroeër van die Oosteindskool in Pretoria, en 'n neef van die skrywer van hierdie artikel). W. Hovy.


Kantoor en fabriek van staal, steen en beton, Industria – ontwerp en opgerig deur B & G.


Kantoor en fabriek, Spartan, Kempton Park.


Garage, Klerksdorp


Fabrieksgebou, Steeledale.

vir betroubare werk

in staalkonstruksies...

raadpleeg:

BAKKER & GRIFFIOEN


Gebouekompleks vir Hebel-Gasbeton, Roodepoort.

BAKKER & GRIFFIOEN
(EDMS.) BPK.

*Ontwerpers Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies*

POSBUS 17, INDUSTRIA, TRANSVAAL

Tel. 27-4121, Johannesburg. Tel. ad: „BAKGRIF"

BG 1472

**Collection Number: AD2533**

**Collection Name: South African Institute of Race Relations, Collection of publications, 1932-1979**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.